
# *Die* NATUUROORDE *van* SUID-AFRIKA



SUID-AFRIKAANSE NATUURUNIE

# *Die* NATUUROORDE *van* SUID-AFRIKA

(Opname deur
dr. F. J. Potgieter op September 1963 voltooi.)

Ontwerp en gepubliseer deur
TOTAL OLIEPRODUKTE (EDMS.) BPK.

# DIE WERK VAN SANU

DIE Suid-Afrikaanse Natuurunie (SANU) is in November 1959 gestig onder die vleuels van die Nasionale Veldtrust en die afdeling Opvoeding vir Volwassenes van die departement Onderwys, Kuns en Wetenskap. Die Trust het versoek dat SANU die kampvegter word vir die gedagte dat natuuroorde, natuurskone plekke en vakansieoorde in die volste sin van die woord „natuurlike hulpbronne" is en dat dit vir die toekomsontwikkeling van ons volk noodsaaklik is dat hulle bewaar en beplan word met dieselfde sorg wat gewy word aan 'n vrugbare strook bogrond wat ryk oeste lewer. Die Departement het meer klem gelê op die bydrae wat SANU in die karaktervorming van ons volk kon lewer deur die skepping van gesonde buitelugbedrywighede.

Buitelugverenigings wat meer as 'n kwart miljoen lede verteenwoordig, is nou met SANU geaffilieer. SANU verteenwoordig hul gesamentlike invloed in sy beywering vir buitelugontspanningsgeriewe. In 1961 het SANU 'n vooraanstaande Amerikaanse deskundige, prof. C. Frank Brockman, na Suid-Afrika gebring om verslag te doen oor die vraagstukke en moontlikhede ten opsigte van buitelugontspanning in 'n land wat met rasse skrede verstedelik en digbewoon raak. Sy verslag "Outdoor Recreation in Relation to Nature Conservation in South Africa", is bespreek op 'n nasionale konferensie wat in 1961 in Pretoria plaasgevind het. Toonaangewende deskundiges het hier lesings gelewer om SANU te help om 'n aksieprogram te formuleer.

Die publikasie van hierdie boekie is deel van daardie program waaraan SANU, met behulp van bewilligings deur die Nasionale Veldtrust en die departement Onderwys, Kuns en Wetenskap, reeds meer as R12,500 bestee het.

Die basiese doelstellings van SANU word soos volg in sy konstitusie omskryf :—

(a) Om geskikte gebiede grond te voorsien en te help voorsien vir die ontspanningsgebruik van die mense van Suid-Afrika sodat hulle in aanraking gebring kan word met die natuur.

(b) Om die grond en sy fauna en flora in sy natuurlike toestand te bewaar, of dit tot daardie toestand te herstel in sover dit verenigbaar is met die gebruik daarvan vir ontspannings- en opvoedkundige doeleindes.

(c) Om die nodige voorligting en onderrig te voorsien sodat die mense van Suid-Afrika 'n groter kennis van en eerbied vir hul natuurlike omgewing kan ontwikkel as 'n erfenis wat versorg en beskerm moet word vir die gebruik en genot van die huidige en toekomstige geslagte.

# VOORWOORD

VUUR, die byl, die ploeg en meer onlangs die reusagtige grondgrawers, het die patroon van ons Suid-Afrikaanse landskap so verander dat daar weinig plekke oorbly wat 'n beeld bied van hoe die land gelyk het voor die koms van die Bantoe en die Blanke na hierdie subkontinent.

Slegs kolletjies van die verlede — monstertjies om te toon hoe die Natuur, ongehinder deur die mens, te werk gegaan het — is bewaar deur die Staat, die provinsiale of plaaslike owerhede. Hierdie kostelike oorblyfsels het een van die oudste menslike ambisies weerstaan : om die Natuur vir eie gewin te onderwerp.

Inherent aan ons almal is daar egter nog die wonderlike betowering wanneer ons onder 'n oeroue geelhoutboom langs 'n moderne hoofweg staan; wanneer ons 'n lammervanger sien sweef oor die Drakensberg-spitse waar straalvliegtuie dreun; by die aanskou van 'n trop rooibokke of koedoes wat in die bosse wei — of by die aanhoor van 'n leeu se gebrul onder 'n sterrehemel waar mensgemaakte mane in hul kringbane die Ruimte-eeu inlui.

Hierdie boekie is deur 'n voormalige sekretaris van die Suid-Afrikaanse Natuurunie, dr. F. J. Potgieter saamgestel om meer mense te help om die wonder van kontak met die Natuur te ervaar. Die doel van hierdie katalogus van parke, oorde en reservate is wesenlik prakties : om te verduidelik waar hulle is, hulle aard en hoofkenmerke en hoe te werk gegaan moet word om daar te kom en daar te vertoef. Dit is bedoel vir die gewone man en sy gesin, nie vir spesialiste in die talle vertakkinge van biologie, wat hul wetenskaplike waarnemings in die buitelug maak nie. Die Suid-Afrikaanse Natuurunie glo dit vir ons almal heilsaam is om geneem te word, selfs vir 'n kort rukkie, na daardie natuurlike omgewing wat ongeskonde gebly het, van die steentydperk af tot in die atoomeeu.

Die publikasie van hierdie boekie is moontlik gemaak deur die vrygewigheid van die Total-oliemaatskappy wat reeds op 'n verskeidenheid van terreine sy bydraes gelewer het ter bevordering van natuurbewaring. Ons vertrou dat hierdie boekie (en die produkte van die maatskappy wat dit borg) nog baie duisende Suid-Afrikaners in staat sal stel om die onderhawige plekke te besoek—te wonder, te bewonder en geestelik verfris te word.

T. C. ROBERTSON,
VOORSITTER,
SUID-AFRIKAANSE NATUURUNIE.

# INDEKS


| Naam | Gebied | Tipe | Toer Nr. | Bladsy Nr. |
|---|---|---|---|---|
| Akkerendam (Calvinia) | SWK | 125 | 66 | 66 |
| Aughrabies-waterval | NWK | 3 | 67 | 67 |
| Bainsberg-gebied | WK | kp13 | 34 | 38 |
| Barberspan-natuurreservaat | WT | hk45 | 13 | 20 |
| Berghoek-natuurreservaat | OT | 12 | 8 | 15 |
| Bloemfontein-omgewing | OVS | kp23 | 92 | 96 |
| Bredasdorp (De Mond) | WK | p3 | 36 | 39 |
| Bredasdorp-kus | WK | k3 | 35 | 39 |
| Caledon-omgewing | WK | 1 | 37 | 40 |
| Coleford-natuurreservaat | N | h5 | 72 | 73 |
| Darling-veldblomreservaat | WK | 1 | 41 | 42 |
| Dhlinza-bosreservaat | ZNN | 12 | 80 | 82 |
| Ebb and Flow-natuurreservaat | SWK | h1235 | 62 | 62 |
| Elgin-omgewing | WK | kp3 | 43 | 44 |
| Enseleni-natuurreservaat | ZNN | 1 | 81 | 83 |
| Fernkloof-natuurreservaat | WK | 13 | 46 | 46 |
| Franschhoek | WK | p3 | 47 | 47 |
| Garcia (Riversdal) | SWK | p3 | 63 | 63 |
| Giants Castle-wildreservaat | N | h12345 | 69 | 70 |
| Gonubie-natuurreservaat | OK | 4 | 26 | 31 |
| Graskop-gebied | OT | p3 | 10 | 17 |
| Hamburg-gebied | OK | p3 | 25 | 30 |
| Hans Merensky-natuurreservaat | NT | hk12 | 1 | 8 |
| Harold Porter-reservaat (Botanies) | WK | 1 | 48 | 48 |
| Heidelberg-kloof | ST | kp3 | 17 | 25 |
| Hermanus-omgewing | WK | kp5 | 49 | 49 |
| Himeville-natuurreservaat | N | 45 | 70 | 71 |
| Hluhluwe-wildreservaat | ZNN | h124 | 83 | 85 |
| Hogsback | OK | p3 | 29 | 33 |
| Honnet-natuurreservaat | NT | hk12 | 3 | 10 |
| Ida Doyer-natuurreservaat | OT | 1 | 9 | 16 |
| Kaap die Goeie Hoop-natuurreservaat | WK | 123 | 39 | 41 |
| Kaapse Vlakte-veldblommereservaat | WK | 1 | 38 | 40 |
| Kaapstad (Blouberg) | WK | p35 | 44 | 44 |
| Kaapstad (Cedarberg) | WK | k13 | 40 | 42 |
| Kaapstad (Tafelberg) | WK | kp13 | 45 | 45 |
| Kaapstad (Tokai) | WK | p3 | 42 | 43 |
| Kamberg-natuurreservaat | N | h1235 | 71 | 72 |
| Karootuin, Worcester | WK | 1 | 50 | 50 |
| Katberg | OK | p3 | 30 | 33 |
| Klein Brakrivier-natuurtuin | SWK | 1 | 64 | 63 |
| Kluitjieskraal (Mitchellspas) | WK | kp13 | 52 | 51 |
| Koninklike Natalse Nasionale Park en Rugged Glen-natuurreservaat | N | hk2345 | 75 | 76 |
| Kosibaai-natuurreservaat | ZNN | k4 | 85 | 87 |
| Krantzkloof-natuurreservaat | N | p123 | 74 | 75 |
| Langjan-natuurreservaat | NT | 2 | 2 | 9 |
| Loskopdam-natuurreservaat | ST | hk12345 | 16 | 24 |

| Naam | Gebied | Tipe | Toer Nr. | Bladsy Nr. |
|---|---|---|---|---|
| Loteni-natuurreservaat | N | h2345 | 73 | 74 |
| Melrose-toevlugsoord vir Voëls | ST | 14 | 20 | 26 |
| Melville-koppies-natuurreservaat | ST | 1 | 19 | 26 |
| Millerspunt-ontspanningsgebied | WK | kp3 | 51 | 51 |
| Mkuzi-wildreservaat | ZNN | h124 | 84 | 86 |
| Montagu-natuurtuin | WK | 1 | 53 | 54 |
| Nasionale Addo-olifantpark | OK | 12 | 27 | 32 |
| Nasionale Bergkwaggapark | KA | p2 | 96 | 102 |
| Nasionale Bontebokpark | SWK | p2 | 60 | 60 |
| Nasionale Botaniese Tuin Kirstenbosch | WK | p1 | 54 | 55 |
| Nasionale Golden Gate-hooglandpark | OVS | h3 | 93 | 97 |
| Nasionale Kalahari-Gemsbokpark | NWK | h24 | 68 | 68 |
| Nasionale Kruger-wildtuin | OT | h124 | 7 | 14 |
| Nasionale Sordwanabaaipark | ZNN | k124 | 89 | 91 |
| Nduli-natuurreservaat | TK | 24 | 95 | 100 |
| Ndumu-wildreservaat | ZNN | h124 | 86 | 88 |
| N'Jelele-natuurreservaat | NT | 5 | 5 | 11 |
| Ohrigstaddam-natuurreservaat | OT | k12 | 12 | 18 |
| Oos-Londen-omgewing | OK | p3 | 24 | 30 |
| Oribi Gorge-natuurreservaat | N | h123 | 76 | 77 |
| Percy Fyfe-natuurreservaat | NT | k25 | 6 | 12 |
| Perdekloof-piekniekoord | WK | p35 | 56 | 57 |
| Port Elizabeth-omgewing | OK | 1 | 33 | 36 |
| Pretoria-omgewing | ST | k1245 | 23 | 28 |
| Richardsbaai-wildreservaat en -park | ZNN | k25 | 87 | 89 |
| Rietvlei-kampeerterrein | ST | h12 | 22 | 27 |
| Robbeberg-natuurtuin | SWK | 235 | 61 | 61 |
| Rondevlei-toevlugsoord vir voëls | WK | 4 | 57 | 57 |
| Rooikrantz-natuurreservaat | OK | 5 | 31 | 34 |
| Rustenburg-kloof | WT | h13 | 14 | 21 |
| Salmondsdam-natuurreservaat | WK | 12 | 55 | 56 |
| S.A. Lombard-natuurreservaat | WT | 12 | 15 | 22 |
| Shongweni-waterwerke | N | p1 | 77 | 78 |
| Soetwater | WK | h3 | 58 | 58 |
| St. Lucia-wildreservaat en -park | ZNN | hk245 | 88 | 90 |
| Swellendam-omgewing | SWK | p13 | 65 | 64 |
| Tafelberg-waterwerke | N | p35 | 78 | 79 |
| Tzaneen-omgewing | NT | kp3 | 4 | 10 |
| Tzitzikama-gebied | OK | k1 | 28 | 33 |
| Umfolozi-wildreservaat | ZNN | h124 | 91 | 93 |
| Umlaas-varswaterdam | N | p3 | 79 | 80 |
| Umlalazi-natuurreservaat | ZNN | k124 | 90 | 92 |
| Vaaldam-natuurreservaat | ST | k5 | 18 | 25 |
| Valsbaaipark | ZBB | k1245 | 82 | 84 |
| Van Stadens-veldblomreservaat en -toevlugsoord vir voëls | OK | 14 | 32 | 35 |
| Veldtuin, Houghton | ST | 1 | 21 | 27 |
| Vertroosting-natuurreservaat | OT | kp13 | 11 | 17 |
| Victoria-Wes-natuurreservaat | KA | 24 | 97 | 103 |
| Willem Pretorius-wildreservaat | WK | h24 | 94 | 98 |
| Waterval (Tulbagh) | OVS | kp13 | 59 | 58 |

Sleutel tot Afkortings gebruik in Indeks :

k—kampeerplek
p—piekniekplek
h—hutakkommodasie

1—plantkundige belang
2—dierkundige belang
3—natuurskoon
4—voëlwaarneming
5—hengelgeleentheid

Gebiedsaanduidings soos gebruik in indeks tesame met bogenoemde afkortings :

| | | |
|---|---|---|
| KA | — | Karoo |
| N | — | Natal |
| NT | — | Noord-Transvaal |
| NWK | — | Noordwes-Kaapland |
| OK | — | Oos-Kaapland |
| OT | — | Oos-Transvaal |
| OVS | — | Oranje-Vrystaat |
| ST | — | Suid- en Sentraal-Transvaal |
| SWK | — | Suidwes-Kaapland |
| TK | — | Transkei |
| WK | — | Wes-Kaapland |
| WT | — | Wes-Transvaal |
| ZNN | — | Zoeloeland en Noord-Natal |


**Erkennings :**

Total Olieprodukte (Edms.) Bpk. wens hul dank uit te spreek teenoor Mnre. Map Studios Productions (Pty.) Ltd. vir die vriendelike vergunning vir die gebruik van die sketse in hierdie brosjure.

# NOORD-TRANSVAAL

# 1 HANS MERENSKY-NATUURRESERVAAT

HIERDIE Laeveldreservaat van 4,847 morg lê teenaan die Groot Letaba; dit is sowat 40 myl ten ooste van Tzaneen en 30 myl ten noordooste van Letsitele. Aan die oostelike kant word dit begrens deur 'n reeks lae ysterkliprantjies, maar origens is dit betreklik plat. 'n Warmwaterbron naby die rivier en op die reservaat sal in die nabye toekoms ontwikkel word deur die Raad van Kuratore vir Mineraalbaddens. Die dierelewe is tipies van die Laeveld en dit sluit in blouwildebeeste, Transvaalse kwaggas, waterbokke, swartwitpense, rooibokke, rietbokke, kameelperde, elande en baster-elande, afgesien van die kleiner soogdiere wat normaalweg in hierdie gebied aangetref word. Daar is 'n uitgebreide voëllewe. Die plantegroei bestaan uit vier ekologiese gemeenskappe, nl. die mopaniegemeenskap, die rooibos-gemeenskap, die galerybos langs die rivier en die ysterkliprantjiegemeenskap. Die hoofdeel met die reservaat is om voorsiening te maak vir die minder volop boksoorte soos die swartwitpens, die bastereland, die basterhartbees en



die basterkoedoe, waarvan sommige nog ingebring moet word.

Daar is tans geen geriewe om deur die reserwe te toer nie, maar dit is die plan om daarvoor voorsiening te maak sodra die warmbad ontwikkel is deur die instelling van begeleide bustoere. Beperkte kampeer- en hutgeriewe bestaan by die warmbad.

**Beheer :** Die Transvaalse Provinsiale Administrasie se Natuurafdeling (vir sover dit die reservaat self betref) en die Raad van Kuratore vir Mineraalbaddens (vir sover dit die warmbad betref).

**Navrae :** (a) Die Direkteur van Natuurbewaring, Privaatsak 209, Pretoria.

(b) Die Raad van Kuratore vir Mineraalbaddens, Ou Raadsaal, Kerkplein, Pretoria.

---

## LANGJAN-NATUURRESERVAAT 2

DIE Langjan-natuurreservaat lê benoorde die Soutpansbergreeks, sowat 14 myl van die dorpie Vivo langs die pad na Alldays. Die reservaat beslaan 1,955 morg in die dorre Laeveld, en dit is primêr opgerig om die enigste oorlewende trop gemsbokke in Transvaal te probeer red. Daar is ook koedoes, rooibokke, bosbokke en rietbokke op die reservaat. 'n Studie van die plantegroei is nog nie gedoen nie.

Daar is op die oomblik geen toeristegeriewe nie.

**Beheer :** Die Transvaalse Provinsiale Administrasie, Afdeling Natuurbewaring.

**Navrae :** Die Direkteur van Natuurbewaring, Privaatsak 209, Pretoria.

## 3 HONNET-NATUURRESERVAAT

DIE Honnet-natuurreservaat wat benoorde die Soutpansbergreeks geleë is, is sowat vyftien myl oos van die nasionale pad tussen Louis Trichardt en Messina, ongeveer 45 myl ten noordooste van Louis Trichardt. Dit beslaan 'n oppervlakte van 2,280 morg, en dit is primêr tot stand gebring ter wille van die warmwaterbron wat die eiendom bevat en wat bekend staan as die Tshipise-warmbad. Die dierelewe sluit in koedoes, rooibokke, bosbokke en baie soorte Laeveld-voëls, en onder die ryk plantelewe is daar die rooibos, mopani, die groteske kremetartboom en die mjalaboom. Verskeie soorte aalwyne kom ook voor. In die kampeerterrein is die meeste bome van name voorsien.

Die warmbad is ten volle ontwikkel en afgesien van hut- en kampeergeriewe is daar ook 'n moderne hotel.

**Beheer :** Raad van Kuratore vir Mineraalbaddens.

**Navrae :** Die Direkteur, Raad van Kuratore vir Mineraalbaddens, Posbus 383, Pretoria.

---

## 4 TZANEEN-GEBIED

NABY twee watervalle in die Tzaneen-gebied, is twee Kampeerterreine op Bosbougrond beskikbaar. Hulle is geleë by die Debengeni-waterval en by die Swallow-waterval. Latrines, tafels, bankies en vuurmaakplekke word by albei plekke verskaf, asook beperkte swemgeriewe in die rivier. 'n Nominale daaglikse, weeklikse of maandelikse huurgeld is betaalbaar.

**Beheer :** Die Departement van Bosbou.

**Navrae :** Die Hoofstreekbosbeampte, Privaatsak 649, Louis Trichardt.

## N'JELELE-NATUURRESERVAAT 5

DIE N'Jelele-natuurreservaat lê in die Soutpansberg-distrik, sowat 35 myl ten noordooste van Louis Trichardt en ten ooste van die hoofpad na die noorde. Dit bestaan uit 'n klein skiereiland van sowat 25 morg in die N'jelele-besproeiingsdam en dit word beskerm om iewers in die toekoms 'n hengeloord vir kurpers te word.

Geen besoekersgeriewe word verskaf nie.

**Beheer:** Die Transvaalse Provinsiale Administrasie, Afdeling Natuurbewaring.

**Navrae:** Die Direkteur van Natuurbewaring, Privaatsak 209, Pretoria.



## 6 PERCY FYFE-NATUURRESERVAAT


DIE Percy Fyfe-natuurreservaat, wat 2,932 morg beslaan, lê sowat 22 myl ten noordooste van die Noord-Transvaalse dorp Potgietersrus. Dit is in heuwelagtige granietgrond wat betreklik goed bebos is, en as gevolg van uitgebreide water- en grond-bewaringsmaatreëls van die vorige eienaar, mnr. P. Fyfe, het dit baie water. Die reservaat bevat blesbokke, koedoes, rooibokke, swartwildebeeste en Transvaalse kwaggas en dit is die plan om hierdie diere te teel met die oog op die uiteindelike distribusie daarvan onder boere wat weer wild op hul plase wil inbring.

Geen behoorlike opname van die plantegroei is nog gedoen nie.

'n Kampeerplek is gratis beskikbaar, en die wateropgaardamme bevat baie vis vir die hengelaar.

**Beheer :** Transvaalse Provinsiale Administrasie, Afdeling Natuurbewaring.

**Navrae :** Die Direkteur van Natuurbewaring, Privaatsak 209, Pretoria.



# OOS-TRANSVAAL

## 7 NASIONALE KRUGER-WILDTUIN

DIE wêreldberoemde Nasionale Krugerwildtuin, geleë in die Transvaalse laeveld, beslaan 'n oppervlakte van 2½ miljoen morg; daar is 13 ruskampe wat akkommodasie bied aan 2,600 persone, terwyl nog 400 besoekers wat in hul eie akkommodasie-behoeftes voorsien, toegelaat word. Om verskeie redes is slegs twee kampe met die omliggende gebied in die somerseisoen oop, maar in die winter, d.w.s. vanaf 1 Mei tot 15 Oktober elke jaar, is die hele park toeganklik — 200 myl lank en gemiddeld 40 myl breed.

Altesaam 1,200 myl pad is gemaak waarop besoekers deur die park kan ry om diere, plantegroei en die landskaptonele in die algemeen te besigtig. Besoekers word nie toegelaat om hul motors te verlaat wanneer hulle in die park ry nie, maar afgesien van die ingeslote ruskampe waarin hulle vryelik kan rond beweeg, is daar vier plekke waar hulle hul motors om spesifieke redes kan verlaat.

Die park bied verreweg die beste versameling fauna in die hele Suid-Afrika en dit is nie moontlik om in hierdie brosjure selfs te probeer om 'n opsomming van die verskillende soorte te gee nie. Volledige inligting oor die wildlewe, die voëllewe en die plantegroei ens.



kan verkry word uit die verskeie mooi geïllustreerde boeke wat teen baie billike pryse beskikbaar is. Dit kan verkry word van die Nasionale Parkeraad of in die Wildtuin self.

Akkommodasie bestaan uit hutte in kampe; die oorblywende tentakkommodasie word vervang so vinnig as wat hutte aangebou kan word. Restaurant- en winkelgeriewe is beskikbaar in die groter kampe en in die Pretoriuskopkamp kan liggaamlik ontspan word in 'n pragtig geleë swembad.

Opvoedkundige films oor verskillende aspekte van die Wildtuin en natuurbewaring in die algemeen word in die ses groter kampe aangebied, en opvoedkundige praatjies word elke aand deur gekwalifiseerde persone gehou.

**Beheer :** Die Raad van Kuratore vir Nasionale Parke.

**Navrae :** Die Direkteur, Raad van Kuratore vir Nasionale Parke, Posbus 787, Pretoria. (Tel. 3-5614).

---

## BERGHOEK-NATUURRESERVAAT 8

HIERDIE ontoeganklike bergreservaat van 827 morg lê sowat 5 myl ten suide van die Steelpoort-spoorwegstasie in die distrik Lydenburg. Die reservaat het rooiribbokke, en die bergplantegroei is van besondere belang,maar dit kan nie met voertuie bereik word nie en daar is ook geen toeristegeriewe nie. Op die oomblik word dit as 'n geslote reservaat beskou.

**Beheer :** Transvaalse Provinsiale Administrasie, Afdeling Natuurbewaring.

**Navrae :** Die Direkteur van Natuurbewaring, Privaatsak 209, Pretoria.

## 9 IDA DOYER-NATUURRESERVAAT

IN die berge ten suidooste van die dorp Barberton en sowat 15 myl van hierdie dorp, lê dié reservaat van 37 morg. Dit is daargestel met die spesifieke doel om 'n kafferbroodboom bekend as die **Encephalartos paucindentatus** te beskerm, want sover bekend kom dit in geen ander deel van Transvaal voor nie.

Daar is geen geriewe vir besoekers nie.

**Beheer**: Transvaal Provinsiale Administrasie, Afdeling Natuurbewaring.

**Navrae**: Die Direkteur van Natuurbewaring, Privaatsak 209, Pretoria.



## GRASKOP-GEBIED **10**

TWEE persele is op Bosbougrond beskikbaar in die Graskop-gebied van Oos-Transvaal. Die een is by Mac Mac by die swembad, sowat 'n halfmyl ten ooste van die hoofweg tussen Sabie en Graskop; dit het enkele grasdakhutte wat as kamers en piekniekskuilings gebruik word. Die ander is geleë by Mariepskop, 16 myl ten weste van die Acornhoek-stasie — 'n piekniekplek aan die westelike hang van Mariepskop.

Albei plekke is slegs beskikbaar vir pieknieks.

**Beheer :** Die Departement van Bosbou.

**Navrae :** Na die Mac Mac-perseel : Die Bosbouer, Mac Mac, Graskop.

Na Mariepskop : Die Bosbouer, Mariepskop, Pk. Acornhoek.

---

## VERTROOSTING-NATUURRESERVAAT **11**

DIÉ klein reservaat van 32 morg wat vier myl van Sabie af op die pad na Nelspruit geleë is, is gestig met die uitsluitende doel om 'n vuurpylplant bekend as die **Kniphofia splendida** te beskerm wat, vir sover bekend is, nêrens elders voorkom nie. Dit blom in Maart met 'n buitengewone massa-effek.

Geen besoekersgeriewe word verskaf nie.

**Beheer :** Transvaalse Provinsiale Administrasie, Afdeling Natuurbewaring.

**Navrae :** Die Direkteur van Natuurbewaring, Privaatsak 209, Pretoria.

## 12 OHRIGSTADDAM-NATUURRESERVAAT

HIERDIE reservaat in die Lydenburgse distrik, sowat 28 myl ten noordooste van Lydenburg op pad na Ohrigstad, beslaan 2,992 morg en dit sluit die Ohrigstad-besproeiingsdam in wat pragtig geleë is tussen die hoë kranse van die Transvaalse Drakensberge. Onder die bokke op die reservaat is rooi- en vaalribbokke — een van die weinige plekke waar hulle saam voorkom. Die plantegroei sluit land-orgideë en proteas in, en in die klowe is daar oorblyfsels van bosplantegroei, maar geen behoorlike opname van of die plante- of dierelewe is nog gedoen nie.

In die dam is swartbaars en in die bergstrome kom forelle voor. Toeristegeriewe is skraal : 'n kampeerplek is gratis beskikbaar en water, vuurmaakplekke en toiletkamers is vir kampeerders ingerig.

**Beheer :** Die Transvaalse Provinsiale Administrasie, Afdeling Natuurbewaring.

**Navrae :** Die Direkteur van Natuurbewaring, Privaatsak 209, Pretoria.



# WES-TRANSVAAL

## 13 BARBERSPAN-NATUURRESERVAAT

HIERDIE reservaat wat Barberspan as middelpunt het, lê sowat elf myl ten noordooste van die dorp Delareyville in Wes-Transvaal langs die pad na Sannieshof. Die reservaat beslaan 4,233 morg en dit bestaan uit oop grasveld. Daar kan gesê word dat die pan permanent water hou en tesame met die naby-geleë Leeupan bied dit 'n natuurlike tuiste aan water-voëls.


Twee honderd en dertig soorte voëls is waargeneem, waarvan ongeveer 'n vyfde trekvoëls is. 'n Laboratorium is opgerig om navorsing te doen na water- en land-voëls en voëls is van ringe voorsien vir trek-voëlstudies.

Die reservaat is baie gewild onder hengelaars en die sportvisse sluit in kleinbek-geelvis en karp.

Die Provinsiale owerheid bied geen geriewe aan besoekers nie, maar hutakkommodasie, kampeerpersele en skuite kan van private eienaars gehuur word. Daar is ook 'n hotel. Weens die brak geaardheid van die water is daar geen gevaar van bilharzia nie en besoek-ers kan vryelik swem.

**Beheer:** Die Transvaalse Provinsiale Administrasie, Afdeling Natuurbewaring.

**Navrae:** Die Direkteur van Natuurbewaring, Privaat-sak 209, Pretoria.



# RUSTENBURG-KLOOF, RUSTENBURG 14

TEEN die noordelike hang van die Magaliesberg vorm een van die sytakke van die Hexrivier 'n pragtige kloof waarin die natuurlike bos nog in groot mate ongeskonde bewaar gebly het. 'n Waterval hoog in die berg, en die rivier wat daarna telkens poele vorm, dra by tot die natuurskoon van hierdie kloof wat vlak by Rustenburg geleë is. In die kloof is etlike natuurpaadjies aangelê, en die stadsraad het 30 moderne rondawels, 'n swembad, 'n waterdammetjie vir kinders en ook 'n moderne kiosk aangebring waar voedselvoorrade verkry kan word. Elektrisiteit is beskikbaar, terwyl brandhout by die Kloofopsigter gekoop kan word. Die rondawels is beskikbaar teen normale huurgeld.



**Beheer :**
Die Rustenburgse Stadsraad.

**Navrae :**
Die Stadsklerk, Posbus 16,
Rustenburg.


## 15 S.A. LOMBARD-NATUURRESERVAAT

DIE reservaat, wat elf myl ten weste van Bloemhof langs die pad na Schweizer Reneke lê en 'n oppervlakte van 3,485 morg beslaan, bestaan hoofsaaklik uit oop grasveld, hoewel dele met bos bedek is. Die groter soogdiere sluit in elande, gemsbokke, rooihartbeeste, swartwildebeeste, rooibokke, blesbokke en springbokke, en dit is die plan om Hoëveldse wildsoorte te teel en dit onder boere te versprei wat weer wild op hul plase wil invoer. Tot dusver is 255 soorte plante (waaronder 68 verskillende soorte grasse) op die reservaat uitgeken. Jakkalshonde word geteel en troppe opgelei vir die jag op en afmaak van jakkalse. Daar is 'n goed toegeruste laboratorium waar navorsing gedoen word in verband met wildbewaring en jakkalsbeheer.

Daar is geen geriewe vir toeriste nie, maar belangstellende persone kan reël om toegang te verkry, veral groepe wetenskaplikes en studente.

**Beheer**: Die Transvaalse Provinsiale Administrasie, Afdeling Natuurbewaring.

**Navrae**: Die Senior Navorsingsbeampte, Posbus 174, Bloemhof.



# SENTRAAL- EN SUID-TRANSVAAL


# 16 LOSKOPDAM-NATUURRESERVAAT

DIE Loskopdam-reservaat, wat 14,891 morg beslaan, lê rondom die Loskop-besproeiingsdam in die Olifantsrivier, 24 myl besuide Groblersdal en 30 myl benoorde Middelburg, Tvl.

Die reservaat, wat tussen die omliggende berge lê, bied baie mooi natuurtonele. Natuurpaadjies is naby die kamp aangelê en baie van die bome is genommer vir identifikasie met behulp van lyste wat by die kantoor verkry kan word.

Wild wat inheems aan die omgewing is, is weer ingebring, en dit sluit in kameelperde, blouwildebeeste, Transvaalse kwaggas, swartwitpense, koedoes, waterbokke, rooibokke, basterkoedoes, bosbokke, rietbokke, blesbokke, rooiribbokke, klipspringers, duikers, oorbietjies en steenbokke. Sowat twee honderd voëls is geïdentifiseer, insluitende die volstruis, die reusereier, sekretarisvoël, visarend en verskeie tipes watervoëls. Daar is baie reptiele, en 'n uitgebreide studie van die plantegroei is gedoen. Twee skaars soorte kafferbroodbome word op die reservaat aangetref.

Daar is geriewe vir hengel, bootritte, swem, stap en voëlwaarneming, en begeleide bustoere die reservaat in word aangebied. Akkommodasie sluit in geriewe vir skoolgroepe, hutte, kampeerterreine, en woonwastaanplekke. Kruideniersware, verversings ens. kan by die restaurant aangekoop word.



**Beheer :** Die Transvaalse Provinsiale Administrasie, Afdeling Natuurbewaring.

**Navrae :** Die Bestuurder, Openbare Oord Loskopdam, Pk. Damwal, oor Middelburg, Tvl. (Tel. Damwal Nr. 2).

## HEIDELBERG-KLOOF 17

HIERDIE mooi kloof, slegs 30 myl van Suid-Afrika se grootste bevolkingskonsentrasie, sal eersdaags op redelik groot skaal ontwikkel word. Die inbring van inheemse wildsoorte soos koedoes, blesbokke en springbokke word beplan, asook die oprigting van 'n ruskamp, 'n woonwapark, 'n restaurant ens. Op die oomblik bestaan daar 'n swembad, enkele hutte en kampeergeriewe; vars water is beskikbaar, asook brandhout. Natuurpaadjies lei na die hoër dele van die kloof en na die omliggende heuwels. Bergklim is 'n gewilde tydverdryf.

**Beheer :** Die Heidelbergse Stadsraad.

**Navrae :** Die Stadsklerk, Posbus 201, Heidelberg, Transvaal.

---

## VAALDAM-NATUURRESERVAAT 18

DIE Vaaldam-natuurreservaat lê in die distrik Vereeniging langs die noordelike oewer van die Vaaldam. Dit beslaan sowat 29,976 morg (insluitende private grond wat as natuurreservaat verklaar is) waarvan die Provinsiale Administrasie 406 morg beheer. Hoewel die plante- en dierelewe beskerm word, is dit in die eerste plaas 'n ontspanningsoord. 'n Groot kampperseel is beskikbaar met voldoende skaduwee, water, vuurmaakplekke en toiletgeriewe. Bootsport, waterski, swem en hengel is gewilde vorms van ontspanning.

**Beheer :** Die Transvaalse Provinsiale Administrasie, Afdeling Natuurbewaring.

**Navrae :** Die Direkteur van Natuurbewaring, Privaatsak 209, Pretoria.

## 19 MELVILLE KOPPIES-NATUURRESERVAAT
### Johannesburg

HIERDIE gebied, wat bestaan uit tipiese koppies van die Witwatersrand, is kragtens die Ordonnansie op Beskerming van Inheemse Plantegroei (1940) van Transvaal opsy gesit om plante wat inheems aan die Witwatersrand is, te beskerm. Onlangs is interessante argeologiese oorblyfsels van die mens uit die steentydperk op die koppies gevind en uitgrawings word gedoen deur die Universiteit van die Witwatersrand. 'n Skuiling en 'n lesingkamer is op die koppie aangebring, water in aangelê en natuurpaadjies is oopgemaak. Die park word toegesluit en die sleutel is op aansoek verkrygbaar by die Eresekretaris, Die Johannesburgse Raad vir Natuurgeskiedenis, Posbus 6349, Johannesburg. Hierdie raad het ook 'n gidsboek saamgestel wat inligting verstrek oor die geologie en plantegroei van die reservaat.

**Beheer :** Die Johannesburgse Stadsraad.
**Navrae :** Soos verstrek in bostaande.

---

## 20 MELROSE-TOEVLUGSOORD VIR VOËLS
### Johannesburg

HIERDIE toevlugsoord, geleë aan Melrosestraat, Birdhaven, bevat 'n dam en talryke inheemse bome. Inligting oor die voëllewe in die toevlugsoord is verkrygbaar van die Witwatersrandse Voëlklub, Posbus 7048, Johannesburg. Die klub reël spesiale lesings vir groepe skoolkinders en op sekere Sondae is 'n lid van die klub beskikbaar om inligting aan besoekers te gee.

Planne vir die toekoms sluit in die ontwikkeling van die park deur die oprigting van openbare latrines, sekere mate van gelykmaking van die grond, en die aanplant van inheemse bome waarvan 'n aantal onlangs reeds aangeplant is.

**Beheer :** Die Johannesburgse Stadsraad.
**Navrae :** Soos in bostaande verstrek.

## VELDTUIN, HOUGHTON (Johannesburg) 21

HIERDIE park word ontwikkel deur die Afdeling Parke en Ontspanning as 'n vertoonpark van inheemse Suid-Afrikaanse plantegroei. Daar is reeds 'n heel uitgebreide versameling inheemse plante, maar meer soorte word voortdurend aangeplant. 'n Opgawe van plante wat in die Veldtuin groei asook 'n lys van saad wat in die tuin versamel word en wat op ruilgrondslag aan die publiek beskikbaar gestel word, kan verkry word van die Hoofbestuurder, Afdeling Parke en Ontspanning, Posbus 2824, Johannesburg. Groepe wat die Veldtuin wil besoek moet telefonies in aanraking kom met die Beampte in Beheer, telefoonnr. 44-9566.

**Beheer :** Die Johannesburgse Stadsraad.

**Navrae :** Soos in bostaande aangedui.

---

## RIETVLEI-KAMPEERTERREIN 22

HIERDIE kamp, ongeveer tien myl besuide die stad, is in die eerste plaas bedoel vir groepe kinders en alle groepe wat die kamp bywoon moet onder toesig staan van 'n beampte van die Afdeling Parke en Ontspanning van die Johannesburgse Stadsraad. Daar is ses rondawels en 35 tot 40 kinders kan gehuisves word. Daarbenewens is daar 'n lesingkamer, natuurpaadjies na die aangrensende koppies, 'n swembad met 'n filtreertoestel, en 'n sportterrein, afgesien van die kombuis, latrines en waskamer. Die kamp is op 'n plaas wat ontwikkel word as aanvulling tot die Johannesburgse Dieretuin en kinders kry die geleentheid om die diere wat reeds daar is te sien en in sekere mate te bestudeer.

**Beheer :** Die Johannesburgse Stadsraad.

**Navrae :** Die Hoofbestuurder, Afdeling Parke en Ontspanning, Posbus 2824, Johannesburg. (Telefoon Nr. 23-3121).

# 23 PRETORIA EN OMGEWING

WONDERBOOM-RESERVAAT.
Fonteinedal.

Austin Roberts-voëlreservaat.

Groenkloof-plantasie.

Rietvlei-reservaat.

Eersgenoemde vier reservate staan onder beheer van die Direkteur van Parke en Ontspanning van die Stadsraad, Posbus 440, Pretoria. Die Wonderboom-reservaat is opgerig met die doel om flora en fauna te beskerm, en is van sonop tot sononder oop vir die publiek. Die Fonteinedal, waar flora en fauna ook beskerm word, is te alle tye oop vir die publiek en daar is geriewe vir kampering, swem en tennis, en daar is 'n karavaanpark. Die Austin Roberts-voëlreservaat beslaan 20 morg, maar dit is nie vir die publiek oop nie. Die Groenkloof-plantasie is 'n nuwe reservaat waar flora en fauna beskerm word.

Die Rietvlei-reservaat word beheer deur die Stads-ingenieur se afdeling. Op hierdie plaas is daar 'n opgaardam waar op bepaalde plekke gehengel kan word, maar toegang geskied by wyse van permit, verkrygbaar by die Lisensie-afdeling van die Pretoriase Stadsraad, Posbus 440, Pretoria.

**Beheer :**
Die Stadsraad van Pretoria.

**Navrae :**
Soos hierbo aangegee.



# OOS-KAAPLAND

## 24 OOS-LONDEN EN OMGEWING

ETLIKE plekke vir buitelugontspanning is beskikbaar op Bosbougrond binne maklike bereik van Oos-Londen. Hulle is : Christmas Rock, 24 myl van Oos-Londen; Gulu-riviermond, 14 myl van Oos-Londen; Igoda-riviermond, 10 myl van Oos-Londen; Cove Rock, 8 myl van Oos-Londen; Buffelspas, 10 myl van Oos-Londen; Gonubu Springs, 11 myl van Oos-Londen; Sunrise on Sea, 15 myl van Oos-Londen; Kwelegha-Mond, 18 myl van Oos-Londen; Cintza, 27 myl van Oos-Londen; en Black Rock, 50 myl van Oos-Londen.

Al hierdie persele word beheer deur die Departement van Bosbou. Navrae aangaande al hierdie plekke moet gerig word aan : Die Hoofstreekbosbeampte, Posbus 119, King William's Town. (Tel. 439).

## 25 HAMBURG-GEBIED

DAAR is twee plekke vir buitelugontspanning op Bosbouterrein in die Hamburg-gebied van die Bosboudepartement se distrik King William's Town. Hulle is geleë by Umtanie-mond, sowat drie myl van Hamburg, en by Hamburg, een myl van die eendersgenoemde dorpie.

Navrae aangaande albei hierdie persele moet gerig word aan : Die Hoofstreekbosbeampte, Posbus 119, King William's Town, (Tel. 439).

## GONUBIE-NATUURRESERVAAT **26**

HIERDIE reservaat, wat in 1956 deur die stadsraad van Gonubie opgerig is, is geleë naby die Gonubie-riviermond, sowat 10 myl van Oos-Londen. Dit beslaan $19\frac{1}{2}$ acres en dit bestaan uit twee groot varswatervleie met 'n lang graseiland in die middel waarop water- en ander voëls in die son kan sit. Die voëllewe het sodanig uitgebrei dat die reservaat nou met regverdiging 'n eersteklas-voëlreservaat genoem kan word. Meer as vyftig variëteite is in die reservaat gevestig. Mense word nie toegelaat om dit binne te gaan nie, maar die stadsraad het drie waarnemingsposte opgerig waarvandaan voëlliefhebbers van naby na die voëllewe daar binne kan kyk.

Daar is geen kampeer- of ander geriewe nie, maar nie ver van die voëlreservaat af nie en by die mond van die Gonubie-rivier is die stadsraad se kampeerterrein met aparte geriewe vir tente en woonwaens. Hierdie terrein is ten volle voorsien van moderne was- en kleedkamers wat stortbaddens, warm en koue baddens, spoellatrines ens. insluit. Die kampeerterrein is ook naby die hoof-strand.

**Beheer :** Die voëlreservaat word beheer deur 'n spesiale komitee bestaande uit etlike persone, insluitende o.a. mnr. G. G. Smith en mej. M. Courtenay-Latimer, albei van die Oos-Londense Museum.

**Navrae :** Die Stadsklerk, Pk. Gonubie, distrik Oos-Londen, K.P.



## 27 NASIONALE ADDO-OLIFANTPARK

AAN die voet van die Suurberge in die ondeurdringbare Addo-bos lê hierdie park van 8,000 morg. Sowat 3,000 morg is omhein met olifantwerende heining en daar is op die oomblik 35 olifante in hierdie kamp. Hulle word ter wille van besoekers na die heining toe gelok met lemoene, pynappels, hawerhooi, ens.


Die res van die Park bevat verskillende diere insluitende die humeurige Kaapse buffel, springbokke, vaalribbokke, rooihartbeeste, elande, swartrenosters en seekoeie asook 'n groot verskeidenheid voëls. Die deel van die park kan bereis word met motors op paaie wat die gebied deurkruis.

Veral merkwaardig is die digte plantegroei bekend as die Addo-bos, en ook genoem die „jagter se hel." Dit is dikwels onmoontlik om selfs 'n tree daarin te vorder. Vir die volledige afwesigheid van gras word vergoed deur die sappige blare op steeds groen bome, wat dien as natuurlike kos vir die diere.

Daar is geen kampeergeriewe nie; verversings kan van 'n kafee gekoop word.

**Beheer :** Die Raad van Kuratore vir Nasional Parke.

**Navrae :** Die Direkteur, Raad van Kuratore vir Nasionale Parke, Posbus 787, Pretoria. (Tel. 3-5611).



## TZITZIKAMA-GEBIED 28

DERTIG kampeerplekke is beskikbaar by die Grootriviermond. 'n Daaglikse, weeklikse of maandelikse huurgeld is betaalbaar.

**Beheer :** Die Departement van Bosbou.

**Navrae :** Die Staatsbosbouer, Blaauwkrantz, Pk. Coldstream.

'n Deel van die Tzitzikama-gebied sal na alle waarskynlikheid eersdaags aan die Nasional Parkeraad afgestaan word vir ontwikkeling deur daardie liggaam.

---

## HOGSBACK 29

IN die bergagtige gebied van Hogsback in Oos-Kaapland is 'n stuk grond vir buitelug-ontspanning op terrein van die Bosboudepartement beskikbaar. Dit is geleë aan die onderkant van die ou laan, sowat 400 treë van Hogsback self. Besonderhede kan verkry word van Die Bosbouer, Hogsback, Pk. Hogsback.

---

## KATBERG 30

'n PLEK vir buitelug-ontspanning bestaan op Bosbougrond by die ou Polisiestasie, sowat ses myl van die dorpie Balfour. Besonderhede kan verkry word van die Bosbouer, Katberg, Pk. Katberg.

# 31 ROOIKRANTZ-NATUURRESERVAAT

## (King William's Town)

HIERDIE reservaat, wat in 1956 geproklameer is, bestaan uit sowat 97 morg grond rondom die Rooikrantzdam wat geleë is naby die oorsprong van die Buffelsrivier, sowat 12 myl benoorde King William's Town. Die noordelike waterlyn van die dam grens aan die woudreserwe in die Pirie-berg.

Die natuurreservaat is nog nie ontwikkel nie maar 'n spesiale komitee, aangestel deur die stadsraad, berei 'n skema voor vir die daarstelling van 'n natuurreservaat wat geriewe vir die publiek sal insluit. Op die oomblik is baie min besonderhede bekend oor die diere- en plantelewe in die gebied. Jag- en forelhengelgeriewe is beskikbaar.

**Beheer :** Die Stadsraad van King William's Town.

**Navrae :** Die Stadsingenieur, Posbus 33, King William's Town.



## VAN STADENS-VELDBLOMRESERVAAT EN -TOEVLUGSOORD VIR VOËLS 32

VAN hierdie reservaat van 435 morg is 38 morg onder inheemse bos en dwarsdeur die jaar gedurende dagligure oop vir die publiek. Daar is geen geriewe nie maar daar kan piekniek gemaak word mits daar nie vuur gemaak word nie.

Die Veldblomreservaat is in die beginstadium van sy ontwikkeling, en dieselfde geld vir die toevlugsoord vir voëls. **Protea neriifolia** is inheems aan die gebied, en agtien ander soorte proteas is aangeplant. Daarbenewens is daar variëteit van Erica, Crassula, Cytanthus, Cycas en talryke grondorgideë.

Toegang tot die reservaat is te alle tye gedurende dagligure oop vir die publiek.



**Beheer :**
Die Afdelingsraad van Port Elizabeth.

**Navrae :**
Die Sekretaris, Afdelingsraad van Port Elizabeth, Posbus 318, Port Elizabeth. (Tel. 22536).

# 33 PORT ELIZABETH EN OMGEWING

BAAKENSVALLEI-VELDBLOMRESERVAAT.

Blouwaterbaai-veldblomreservaat.

Kabega-veldblomreservaat.

Setlaarspark-natuurreservaat.

Eersgenoemde drie reservate is natuurgebiede in en rondom Port Elizabeth waar die inheemse plantegroei bewaar word. Hierdie gebiede sal mettertyd vir die publiek oopgestel word.

Die Setlaarspark-natuurreservaat beslaan 133 acres en dit is 'n geproklameerde natuurreservaat. Dit is alle tye van die dag oop vir die publiek met toegang per voertuig na motorparkeerplekke.

Geen akkommodasie of verversingsgeriewe is by enige van die gebiede beskikbaar nie.

**Beheer** : Die stadsraad van Port Elizabeth.

**Navrae :** Die Stadsklerk, Posbus 116, Port Elizabeth.



# WES-KAAPLAND

## 34 BAINSBERG-GEBIED

'n GROOT aantal kampeer- en piekniekplekke is op Bosbougrond in die Bainsberg-gebied beskikbaar. Hulle is soos volg :

**Naby die Voorman se Kwartier :** Sestig staanplekke, voorsien van sanitêre geriewe, vars drinkwater en vuurmaakhout. Daar kan geswem word. 'n Klein toegangsgeld is betaalbaar.

**By die Darling-brug :** Sewentig staanplekke met sanitêre geriewe en die moontlikhede van visvang en swem. Vuurmaakhout is beskikbaar, maar nie drinkwater nie. 'n Geringe toegangsgeld is betaalbaar.

**Darling-brug :** Vyftig staanplekke, soos in bostaande, gereserveer vir Kleurlinge.

**Du Toitskloof-kampeerterrein :** Dertig staanplekke aan die regterkant van die pad op reis na Worcester, drie myl anderkant die kafee; drinkwater, sanitêre geriewe en vuurmaakhout is beskikbaar. 'n Gratis permit word vereis.

**Du Toitskloof :** Tussen die blanke kampeerplek en die kafee : Dieselfde geriewe as in bostaande, gereserveer vir Kleurlinge.

**Happy Valley :** Drinkwater, vuurmaakhout en sanitêre geriewe is beskikbaar in hierdie gebied wat bokant die Bainskloof-hotel in die rigting van Oosterberg geleë is.

**Beheer :** Al die plekke word beheer deur die Bosboudepartement.

**Navrae :** Die Voorman, Bainsberg-bosreservaat, Pk. Breërivier.



## BREDASDORP-KUS 35

TWEE terreine is langs die Bredasdorpse kus op Bosbougrond beskikbaar, een vir blankes en die ander vir Kleurlinge.

**Piekniekbos,** 'n kampeerterrein vir blankes, het ruimte vir 150 tente wat deur die kampeerders self voorsien moet word. Water is beskikbaar maar winkels is afgeleë. Vier putlatrines is aangebring. Om die terrein te bereik, draai 'n mens af by Ratelbos.

**De Dam,** gereserveer vir Kleurlinge, het ruimte vir 200 tente wat deur die kampeerders self voorsien moet word. Winkels is afgeleë.

**Beheer :** Die Departement van Bosbou.

**Navrae :** Die Voorman, Quoin-punt, Pk. Viljoenshof, Bredasdorp. (Tel. Haasvlakte 1102).

---

## BREDASDORP (DE MOND) 36

TWEE persele vir buitelug-ontspanning (albei slegs geskik vir piekniekdoeleindes) bestaan in hierdie gebied; een vir blankes en die ander vir Kleurlinge. Die piekniekplek vir blankes is geleë naby die Bosbouer se kwartier; geen sanitêre geriewe bestaan nie en water kan moontlik van die voorman verkry word. Slegs een blanke gesin kan die perseel op 'n slag gebruik.

Om die perseel vir Kleurlinge te bereik, moet 'n mens van die pad afdraai op die wal van die strandmeer. Geen sanitêre geriewe bestaan nie en water is nie beskikbaar nie.

**Beheer :** Die Departement van Bosbou.

**Navrae :** Die Voorman, De Mond, Privaatsak, Bredasdorp. (Tel. 1930).

## 37 CALEDON EN OMGEWING

DIE Caledonse Veldblomtuin.
Die Caledonse Warmbadbron.

Die Caledonse Veldblomtuin wat 'n oppervlakte van 12 morg beslaan, is onmiddellik ten noorde van die dorp geleë en dit bied 'n groot verskeidenheid veldblomme, heide en proteas, afgesien van wilde eende en ganse. Die tuin is teen 'n toegangsgeld wat aan die hekwagter betaalbaar is daagliks vir die publiek oop van 7.30 vm. tot 5 nm. Rushutte en sanitêre geriewe word voorsien. Die superintendent, mnr. C. de W. Meiring, sal met graagte inligting oor die plantegroei aan besoekers verskaf. Geen kampeergeriewe is beskikbaar nie, maar akkommodasie en ander dienste kan in die dorp vlak daarby verkry word. Die beste besoektyd is van September tot November.

Die Warmbad, sowat driekwart myl van die dorp, het 'n warm swembad waar normale toegangsgelde betaal moet word. 'n Woonwapark is beskikbaar.

**Beheer :** Die Stadsraad van Caledon.
**Navrae :** Die Stadsklerk, Caledonse Munisipaliteit, Posbus 24, Caledon.

---

## 38 KAAPSE VLAKTE-VELDBLOMMERESERVAAT

HIERDIE reservaat, wat 4 morg beslaan, is in 1957 geskenk deur mej. Edith L. Stephens. Dit bevat **Isoetes capensis** asook plantegroei van die Kaapse Vlakte. Toegang geskied deur 'n permit wat verkrygbaar is van die Direkteur, Nasionale Botaniese Tuine van Suid-Afrika, Kirstenbosch, Nuweland, K.P.

**Beheer :** Die Botaniese Vereniging van Suid-Afrika.
**Navrae :** By die Direkteur, by bostaande adres.

## KAAP DIE GOEIE HOOP-NATUURRESERVAAT 39

'n NATUURRESERVAAT van sowat 30 vierkante myl is op die suidelike punt van die Kaapse Skiereiland geproklameer. Dit is vanaf 1 November tot 31 April oop vir die publiek van 6 vm. tot 8 nm. en vir die res van die jaar van 8 vm. tot 6 nm. Piekniekplekke is opsy gesit en daar bestaan 'n klein skeepshelling vir skuitjies. Geen akkommodasie is beskikbaar nie en om in die reservaat te oornag word verbied. 'n Beperkte aantal soorte bokke word aangetref (onder andere elande, bontbokke, vaalribbokke, springbokke en wildebeeste) asook bobbejane en soogdiere. Negentig soorte voëls is opgeteken. Daar is 'n groot verskeidenheid plante van die Kaapse flora. Die beroemde Rooikrantz-hengelrotse is in die reservaat.

Toegangsgeld is betaalbaar.

**Beheer :** Die Afdelingsraad van die Kaap.

**Navrae :** Die Sekretaris, Afdelingsraad van die Kaap, Posbus 1073, Kaapstad. (Tel. 41-3266).



## 40 KAAPSTAD (CEDARBERG)

TALRYKE kampeerplekke is in hierdie omgewing beskikbaar : dié by Algeria kan per motor bereik word, die ander is gewoonlik slegs te voet bereikbaar, maar pakdonkies kan van die plaaslike Kleurling-gemeenskap gehuur word. By hierdie plekke kan brandhout soms skaars wees, maar water is meestal beskikbaar. By twaalf kampeerplekke op Algeria is volop water en brandhout.

**Beheer :** Die Departement van Bosbou.


**Navrae :** Die Bosbouer : Cedarberg, Pk. Citrusdal.

## 41 DARLING-VELDBLOMMERESERVAAT

DIE reservaat is in 1957 geskenk deur mnr. Tinie Versveld. Dit beslaan 24 morg en bevat plantegroei wat tipies is van die Sandveldstreek. Dit is elke dag van die jaar gedurende dagligure oop. Daar is geen kampeer- of ander geriewe nie, en geen personeel nie.

**Beheer :** Die Botaniese Vereniging van Suid-Afrika.

**Navrae :** Die Direkteur, Nasionale Botaniese Tuine van Suid-Afrika, Kirstenbosch, Nuweland, K.P.



## KAAPSTAD (TOKAI)

ETLIKE plekke vir buitelug-ontspanning in Bosbougrond bestaan in die Tokai-gebied. Hulle is almal slegs beskikbaar vir piekniekmaak; kampeer word nie toegelaat nie.

Agt vuurmaakplekke en talryke piekniekplekke bestaan naby die Boomkwekery. Daar is ook 'n vullisgat.

Aan die onderkant van die Spekboomgordel is een vuurmaakplek en 'n vullisgat wat piekniekgeriewe bied aan sowat drie groepe. Dieselfde toestande bestaan by die bopunt van die Spekboomgordel, op 'n plek ten weste van vak C.25 in die veld, en by die spruitjie agter die uitkyktoring.

**Beheer :** Departement van Bosbou.

**Navrae :** Die Bosbouer, Tokai, Pk. Retreat.



## 43 ELGIN EN OMGEWING

VYF piekniekpersele en een vir kampeer is op Bosbougrond in die omgewing van Elgin beskikbaar. Geen geriewe word verskaf nie en geen toegangsgeld word by enige van die persele gevra nie.

Die kampeerterrein is by Rooiels. Vyftien kampeerplekke is beskikbaar. Daar kan natuurlik ook piekniek gemaak word.

Piekniekplekke is soos volg beskikbaar : naby Elgin, langs die hoofweg tussen Grabouw en Sir Lowry's-pas; naby Elgin in die nabyheid van die Spoorwegbrug in Blok B; by Lebanon langs die Nasionale pad tussen Grabouw en Houwhoekpas (by die uitdraaipad na De Rust); by Nieuweberg, langs die hoofweg tussen Grabouw en Viljoens-pas (naby die grens van Gebrs. Molteno); en naby Kogelberg, by Rooiels.

**Beheer :** Departement van Bosbou.

**Navrae :** Na die persele in die omgewing van Elgin en by Rooiels : Die Bosbouer, Elgin, Posbus 41, Grabouw; na Lebanon : Die Bosbouer, Lebanon, Posbus 41, Grabouw; na Nieuweberg : Die Bosbouer, Nieuweberg, Posbus 41, Grabouw.

## 44 KAAPSTAD (BLOUBERG)

TALRYKE piekniekplekke is in hierdie omgewing beskikbaar; 'n geringe toegangsgeld is betaalbaar. Hengelgroepe word toegang tot die kus deur die reservaat toegelaat, en hulle kan langs die kus piekniek maak. Vure word nie toegelaat nie. Daar is geen water beskikbaar nie.

**Beheer :** Die Departement van Bosbou.

**Navrae :** Die Hoof-voorman, Blouberg-bosboureservaat, Pk. Bloubergstrand.

## KAAPSTAD (TAFELBERG EN OMGEWING) 45


ETLIKE piekniekplekke en een kampeerplek is beskikbaar op Bosbougrond in hierdie gebied. Drie hiervan val onder beheer van die Bosbouer, Cecilia, Pk. Wynberg, aan wie navrae dienaangaande gerig moet word. Hierdie plekke, wat almal slegs vir pieknieks beskikbaar is, is by Cecilia, op Tafelberg en by die Twaalf Apostels. Vure kan alleen op gemagtigde vuurmaakplekke gemaak word, en brandhout en permanente water is oor die algemeen beskikbaar.

By Houtbaai langs die kus onderkant die plantasie is sowel piekniek- as kampeerplekke beskikbaar. Daar is twaalf persele vir ongeveer 60 mense, en daar is permanente water en brandhout.

Navrae oor hierdie terrein moet gerig word aan die Hoof-voorman, Houtbaai-plantasie, Pk. Houtbaai.

Op Duiwelspiek word piekniek oral in die reservaat toegelaat, maar vure kan alleen by gemagtigde vuurmaakplekke gemaak word. Hout en water is oor die algemeen beskikbaar. Navrae moet gerig word aan die Bosbouer, Posbus 1457, Kaapstad.

**Beheer :** Die Departement van Bosbou.
**Navrae :** Soos in bostaande aangedui.



# 46 FERNKLOOF-NATUURRESERVAAT

DIE Fernkloof-natuurreservaat wat binne die munisipale grense van Hermanus geleë is, is in 1960 geproklameer. Die hoogte varieer van 300 tot 2,500 voet en wandelpaadjies, altesaam sewe myl lank, is aangelê. Bankies is in die hoër dele aangebring waarvandaan besoekers die pragtige uitsig kan bewonder. Die reservaat is ryk aan inheemse Kaapse flora en blomme kan dwarsdeur die jaar aan die verskillende soorte plante gesien word. Die proteas, heide en etlike bol-plante is veral merkwaardig.

Geen toegangsgeld word nog gevra nie, en besoeke kan op enige tyd gedurende dagligure onderneem word. Geen kampeer- of piekniekgeriewe word voorsien nie : 'n kampeerterrein is beskikbaar in die munisipale gebied, 1½ myl van die reservaat.

'n Parkekurator is dienspligtig by die reservaat, en inligting oor die plantegroei kan van hom verkry word.



**Beheer :**
Die Stadsraad van Hermanus.

**Navrae :**
Die Stadsklerk,
Posbus 20,
Hermanus.
(Telefoon 36).



## FRANSCHHOEK 47

AAN die oewers van die Bergrivier langs die pad tussen Paarl en Franschhoek is piekniekplekke beskikbaar by die pad- en spoorbrûe oor die rivier. Geen geriewe word voorsien nie en daar mag nie vuur gemaak word nie.

**Beheer :**

Die Departement van Bosbou.

**Navrae :**

Die Bosbouer, Franschhoek, Pk. La Motte.

## 48 HAROLD PORTER-RESERVAAT (BOTANIES) (BETTYSBAAI)

DIE reservaat beslaan 222 morg (insluitende die Disa-kloof-gebied) en dit bevat inheemse plantegroei van die Winterreënvalstreek, veral heide, die rooi disa en verskillende soorte Watsonias. Proteas en ander inheemse plante van die omgewing word aangeplant. Die Stoney-rivier gaan deur die reservaat, en 'n wandelpaadjie is aangebring waarlangs besoekers verskillende dele van die reservaat kan besigtig. Die reservaat is op alle dae van die jaar gedurende dagligure oop. Daar is geen kampeer- of ander geriewe nie.

**Beheer :** Die Botaniese Vereniging van Suid-Afrika. Kurator : mnr. W. P. Topper.

**Navrae :** Die Direkteur, Nasionale Botaniese Tuine van S.A., Kirstenbosch, Nuweland, K.P.



# HERMANUS EN OMGEWING

DAAR is vier afsonderlike gebiede vir kampeerdoeleindes en/of piekniekmaak onder die beheer van die Departement van Bosbou in die Hermanus-omgewing.

Die verskillende gebiede is :—

**Schilpadsfontein,** aan die oorkant van die lagune, en ses myl van Hermanus. Geen geriewe word verskaf nie, en nòg water nòg sanitêre geriewe is beskikbaar. Inkopies moet by Hermanus gedoen word. 'n Oop kampeerterrein bestaan. Dit is geskik vir sowel kampeerdoeleindes as piekniekmaak.

**Mierkom,** aan die oorkant van die lagune en hoofsaaklik gebruik deur vissers. Daar is geen water of sanitêre geriewe nie en die perseel word oor die algemeen nie aanbeveel nie. Dit is slegs geskik vir piekniek maak.

**Klipgat,** naby De Kelders. Water is beskikbaar en winkels is vier myl daarvandaan. Daar is geen sanitêre geriewe nie. Die perseel is geskik vir sowel kampeerdoeleindes as piekniekmaak.

**Skuurbank,** naby De Kelders. Water en sanitêre geriewe is nie beskikbaar nie. Oop kampeerpersele bestaan, en die gebied is vir sowel pieknieks as kampe geskik. Twintig tente kan opgeslaan word.

**Beheer :** Die Departement van Bosbou.

**Navrae :** Die Staatsbosbouer, Pk. Voëlklip, Hermanus. (Telefoon Hermanus 409).



# 50 KAROOTUIN, WORCESTER

DIE tuin bestaan hoofsaaklik uit vetplante. Dit is sowat twee myl benoorde Worcester geleë, en beslaan 134 morg. Dit het in 1921 ontstaan deur 'n private skenking op Whitehill, naby Matjiesfontein, maar omdat dit moeilik bereikbaar was, is dit in 1946 na Worcester verskuif. Terselfdertyd is die oppervlakte daarvan vergroot deur skenkings van 'n private familie en die stadsraad van Worcester.

Die tuin is elke dag van die jaar gedurende daglig-ure oop vir die publiek. Geen toegangsgeld is betaalbaar nie. Daar is geen kampeer- of ander geriewe nie.

**Beheer :** Die Botaniese Vereniging van Suid-Afrika. Kurator : mnr. F. J. Stayner.

**Navrae :** Die Direkteur, Nasionale Botaniese Tuine van Suid-Afrika, Kirstenbosch, Nuweland, K.P.



## MILLERSPUNT-ONTSPANNINGSGEBIED 51

DIE Millerspunt-ontspanningsgebied lê sowat drie myl besuide Simonstad. 'n Gebied is opsy gesit vir piekniekmaak gedurende die dag terwyl 'n woonwapark ruimte bied aan 42 woonwaens.

In die piekniekgebied is 'n groot rotspoel, grasperke en vuurmaakplekke. Brandhout is ter plaatse verkrygbaar.

Die woonwapark bestaan uit goed gedreineerde graspersele waar slegs bona fide woonwaens toegelaat word. Geriewe sluit in warm en koue baddens en stortbaddens, spoelsanitasie, 'n wassery en drinkwater uit krane.

'n Sandstrand bied goeie swemgeleentheid.

**Beheer:** Die Afdelingsraad van die Kaap.

**Navrae:** Die Sekretaris, Afdelingsraad van die Kaap, Posbus 1073, Kaapstad. (Tel. 41-3266).


---

## KLUITJIESKRAAL (MITCHELLSPAS) 52

'n GROOT kampeer- en piekniekgebied langs die pad tussen Wolseley en Ceres is op Bosbougrond geleë by die Wit Brug in Mitchellspas. Daar is 'n groot swembad, vars drinkwater en gratis brandhout. Daar is 85 verskillende staanplekke. 'n Geringe toegangsgeld is betaalbaar.

**Beheer:** Die Departement van Bosbou.

**Navrae:** Die Staatsbosbouer, Kluitjieskraal, Pk. Wolseley.




66 Akkerendam (Calvinia)
67 Aughrabies-waterval
34 Bainsberg-gebied
13 Barberspan-natuurreservaat
8 Berghoek-natuurreservaat
92 Bloemfontein-omgewing
36 Bredasdorp (De Mond)
35 Bredasdorp-kus
37 Caledon-omgewing
72 Coleford-natuurreservaat
41 Darling-veldblomreservaat
80 Dhlinza-bosreservaat
62 Ebb and Flow-natuurreservaat
43 Elgin-omgewing
81 Enseleni-natuurreservaat
46 Fernkloof-natuurreservaat
47 Franschhoek
63 Garcia (Riversdal)
69 Giants Castle-wildreservaat
26 Gonubie-natuurreservaat
10 Graskop-gebied
25 Hamburg-gebied
1 Hans Merensky-natuurreservaat
48 Harold Porter-reservaat (Botanies)
17 Heidelberg-kloof
49 Hermanus-omgewing
70 Humeville-natuurreservaat
83 Hluhluwe-wildreservaat
29 Hogsback
3 Honnet-natuurreservaat
9 Ida Doyer-natuurreservaat
39 Kaap die Goeie Hoop-natuurreservaat
38 Kaapse Vlakte-veldblommereservaat
44 Kaapstad (Blouberg)
40 Kaapstad (Cedarberg)
45 Kaapstad (Tafelberg)
42 Kaapstad (Tokai)
71 Kamberg-natuurreservaat
50 Karootuin, Worcester
30 Katberg
64 Klein Brakrivier-natuurtuin
52 Kluitjieskraal (Mitchellspas)
75 Koninklike Natalse Nasionale Park en Rugged Glen-natuurreservaat
85 Kosibaai-natuurreservaat
74 Krantzkloof-natuurreservaat
2 Langjan-natuurreservaat
16 Loskopdam-natuurreservaat
73 Loteni-natuurreservaat
20 Melrose-toevlugsoord vir Voëls
19 Melville-koppies-natuurreservaat


51 Millerspunt-ontspanningsgebied
84 Mkuzi-wildreservaat
53 Montagu-natuurtuin
27 Nasionale Addo-olifantpark
96 Nasionale Bergkwaggapark
60 Nasionale Bontebokpark
54 Nasionale Botaniese Tuin Kirstenbosch
93 Nasionale Golden Gate-hooglandpark
68 Nasionale Kalahari-Gemsbokpark
7 Nasionale Kruger-wildtuin
89 Nasionale Sordwanabaaipark
95 Nduli-natuurreservaat
86 Ndumu-wildreservaat
5 N'Jelele-natuurreservaat
12 Ohrigstaddam-natuurreservaat
24 Oos-Londen-omgewing
76 Oribi Gorge-natuurreservaat
6 Percy Fyfe-natuurreservaat
56 Perdekloof-piekniekoord
33 Port Elizabeth-omgewing
23 Pretoria-omgewing
87 Richardsbaai-wildreservaat en -park
22 Rietvlei-kampeerterrein
61 Robbeberg-natuurtuin
57 Rondevlei-toevlugsoord vir voëls
31 Rooikrantz-natuurreservaat
14 Rustenburg-kloof
55 Salmondsdam-natuurreservaat
15 S.A. Lombard-natuurreservaat
77 Shongweni-waterwerke
58 Soetwater
88 St. Lucia-wildreservaat en -park
65 Swellendam-omgewing
78 Tafelberg-waterwerke
4 Tzaneen-omgewing
28 Tzitzikama-gebied
91 Umfolozi-wildreservaat
79 Umlaas-varswaterdam
90 Umlalazi-natuurreservaat
18 Vaaldam-natuurreservaat
82 Valsbaaipark
32 Van Stadens-veldblomreservaat en -toevlugsoord vir voëls
21 Veldtuin, Houghton
11 Vertroosting-natuurreservaat
97 Victoria-Wes-natuurreservaat
94 Willem Pretorius-wildreservaat
59 Waterval (Tulbagh)

## 53 MONTAGU-NATUURTUIN

IN die onmiddellike omgewing van die dorp Montagu is hierdie tuin aangelê. Dit bevat 'n groot verskeidenheid plante wat inheems aan hierdie ryk plantegroeigebied is. Daar is verskeie soorte agapante, swaardlelies en kraanvoëlblomme, 'n verskeidenheid jaar- en meerjarige plante, 'n groot aantal struike (insluitende katjiepierings, hibiscus, proteas en ander soorte) en etlike bome. Veral merkwaardig is die versameling vetplante.

Daar is geen geriewe om te kampeer of piekniek te maak nie; 'n groot gebou is egter opgerig waar verversings geniet kan word, op vrywillige grondslag bedien deur plaaslike dames. Die opbrengs word gebruik vir die instandhouding van die tuin.

Die tuin kan dwarsdeur die dag besoek word. Toegang is gratis.



**Beheer :**
Die Tuinbouvereniging van Montagu.

**Navrae :**
Die Stadsklerk, Posbus 24, Montagu. (Tel. 24.)

## NASIONALE BOTANIESE TUIN, KIRSTENBOSCH

54

DIE Nasionale Botaniese tuin, wat 7½ myl van Kaapstad af teen die oostelike hang van Tafelberg geleë is, beslaan 614 morg met die mooiste inheemse plantegroei in die land, en met van die mooiste natuurtonele op die Kaapse Skiereiland. Die gebiede wat geredelik vir die publiek toeganklik is, bevat meer as 4,000 van die totale aantal van sowat 16,000 bekende plantespesies in Suid-Afrika. Blomme is dwarsdeur die jaar te sien, hoewel natuurlik meestal in die lente, d.w.s. van Augustus tot November. Die beste tyd van die dag is soggens en vroeg smiddae, wanneer die son in die tuin skyn. 'n Historiese besienswaardigheid is Van Riebeeck se Heining, 'n lewende oorblyfsel uit die tydperk toe die Wynberg-heuwel die suidelike grens van die beskawing was.

Talryke voetpaadjies verleen aan die besoekers toegang tot verskillende dele van die tuin. Toegang is gratis. Die Tuin is elke dag van die jaar gedurende dagligure oop.

Daar is geen kampeergeriewe nie : wel 'n plek vir piekniek, en 'n kafee waar ook etes bedien word.

**Beheer :** 'n Raad van Trustees, met prof. H. B. Rycroft as Direkteur; kurator : mnr. J. A. Marais.

**Navrae :** Die Direkteur, Nasionale Botaniese Tuine van S.A., Kirstenbosch, Nuweland, K.P.




## 55 SALMONDSDAM-NATUURRESERVAAT

DIE Afdelingsraad van Caledon het onlangs die plaas Salmondsdam, 10 myl van Stanford aangekoop met die doel om dit vir natuurbewaring aan te wend. Op die oomblik is die eiendom nog skaars ontwikkel, maar dit is die oogmerk om groot wildsoorte daarop te vestig (kleinwild is reeds in redelike hoeveelhede aanwesig) en vyftig morg is vir geskikte weiding voorberei. Daar is 'n ryk natuurlike plantegroei met 'n groot verskeidenheid soorte, en dit bevat baie van die veldblomme waarvoor hierdie gebied wêreldberoemd is. Die Uilenkraalrivier het sy oorsprong op hierdie plaas, en die gebied word oorweeg as 'n moontlike voël-reservaat. Op die oomblik word die publiek nie op die reservaat toegelaat nie want paaie, kampeergeriewe ens. moet nog gemaak word.

Die reservaat kan bereik word oor òf Caledon òf Hermanus.

**Beheer :** Die Afdelingsraad van Caledon.

**Navrae :** Die Sekretaris, Afdelingsraad van Caledon, Posbus 5, Caledon. (Tel. 49).



## PERDEKLOOF-PIEKNIEKOORD 56

'n KLEIN binnelandse piekniekoord naby Platoweg, en deel van die Kaap die Goeie Hoop-natuurreservaat, bestaan op die Kaapse Skiereiland. Die ure is dieselfde as dié vir die reservaat, en daar kan nie oornag word nie. Toegang is gratis.
**Beheer :** Die Afdelingsraad van die Kaap.

---

## RONDEVLEI-TOEVLUGSOORD VIR VOËLS 57

HIERDIE toevlugsoord in Grassy Park op die Kaapse Vlakte bevat sowat 160 bekende voëlsoorte wat wissel van eende en ander watervoëls tot landvoëls. Die toevlugsoord is vir die publiek van sonop tot sononder oop vanaf 1 Januarie tot 31 Julie elke jaar, maar toegangspermitte moet verkry word van die Sekretaris se Afdeling van die Afdelingsraad van die Kaap. Daar mag nie meer as 15 persone in die toevlugsoord op enige tydstip wees nie. Geen geriewe is beskikbaar nie en daar kan nie vuurgemaak word nie.



**Beheer :**
Die Afdelingsraad van die Kaap.

**Navrae :**
Die Sekretaris, Afdelingsraad van die Kaap, Posbus 1073. (Tel. 41-3266)

58

## SOETWATER

DIE Soetwater-ontspanningsoord vir nie-blankes lê twee myl besuide die dorpie Kommetjie op die Kaapse Skiereiland. Dit word op die oomblik ontwikkel. 'n Gety-swembad bestaan en kampeer word toegelaat vir die dag sowel as vir langer tydperke.

**Beheer :** Die Afdelingsraad van die Kaap.

**Navrae :** Die Sekretaris, Die Afdelingsraad van die Kaap, Posbus 1073, Kaapstad. (Tel. 41-3266).

59

## WATERVAL (TULBAGH-GEBIED)

BY die „Sneeugat'' in die Winterbach-bosreservaat kan daar piekniek gemaak en gekampeer word. Hierdie terrein is naby die Bosbouer se kwartier geleë en afgesien van vars drinkwater word geen ander geriewe verskaf nie. 'n Gratis permit is nodig vir toegang.



**Beheer :**
Die Department van Bosbou.

**Navrae :**
Die Bosbouer, Waterval, Pk. Tulbagh-weg.


# SUIDWES-KAAPLAND

# 60 NASIONALE BONTEBOKPARK

VIER myl besuide Swellendam aan die oewers van die Breërivier lê die Nasionale Bontebokpark met 'n oppervlakte van sowat 5.6 vierkante myl. Op een tydstip het die Bontebok bekend gestaan as die skaarsste bok op aarde; die Nasionale Parkeraad het sy bewaringswerk begin met 'n kudde van 17 op 'n plaas in die Bredasdorpse gebied. Die kudde het bestendig gegroei, en onlangs is hulle verskuif na die Swellendamse omgewing wat 'n beter tuiste vir hierdie skaars soort is. Ander boksoorte word ook ingebring.

Twee sirkelpaaie in die Park gee aan besoekers die kans om die hele park te besigtig. 'n Goed toegeruste rusplek is beskikbaar met voldoende skaduwee en water asook oop vuurmaakplekke. In die rivier kan geswem word. Daar is geen kampeergeriewe nie.

Die Park kan in dagligure besoek word: van 8 vm. tot 7 nm. vanaf 1 Oktober tot 30 April, en van 9 vm. tot 6 nm. in die res van die jaar.



**Beheer:**

Die Raad van Kuratore vir Nasionale Parke.

**Navrae:**

Die Direkteur, Raad van Kuratore vir Nasionale Parke, Bus 787, Pretoria. (Tel. 3-5611).

## ROBBEBERG-NATUURTUIN

HIERDIE natuurreservaat wat op die Robbeberg-skiereiland naby Plettenbergbaai geleë is, bevat 'n aantal kleiner boksoorte. Besonderhede oor die plantegroei is nie beskikbaar nie. Kampering word nie toegelaat nie, maar daar bestaan wel twee hengelaarshutte en hengelaars kan spesiale toestemming verkry om teen 'n geringe betaling die nag daar deur te bring.



Die reservaat is beroemd vir sy vissport. Besoekers kan op enige plek langs die kus in die Reservaat hengel, maar die insameling van aas is onderhewig aan streng beheer, en besonderhede dienaangaande word verstrek op 'n pamflet wat by die ingang tot die reservaat verstrek word.

Vuurmaakplekke is beskikbaar by die motorparkeerplek.

**Beheer :** Die Adviserende Raad vir die Robbeberg-natuurtuin.

**Navrae :** Die Sekretaris, Afdelingsraad van Knysna, Posbus 9, Knysna. Tel. 9.

## 62 EBB AND FLOW-NATUURRESERVAAT


HIERDIE pragtige reservaat wat geleë is tussen immer groen heuwels op die oewer van die Touwrivier, is sowat drie myl van Wildernis en die pad wat dit met die Tuinroete se Nasionale Pad verbind, word op die oomblik geteer. Daar is 'n ryke verskeidenheid van inheemse bome insluitende geelhout, stinkhout en boekenhout, en die wildlewe sluit in bloubokkies, duikers, bobbejane en apies.

Die rivier is veilig vir swem en waterski word 'n steeds gewilder sportsoort. Daar kan met veiligheid in die rivier af gevaar word tot by Wildernis waar die rivier in die see uitmond. Hengel is 'n gewilde tydverdryf.

Kraanwater is beskikbaar by die kampeerterrein van sowat vyf morg en die bestaande putlatrines sal eersdaags met spoellatrines vervang word. Dit is ook die plan om waskamers op te rig. 'n Permanente kampbeampte is gedurende die seisoen dienspligtig. 'n Daaglikse kampeergeld is betaalbaar.

**Beheer :** Die Afdelingsraad van George.

**Navrae :** Die Sekretaris, Afdelingsraad van George, Posbus 12, George. (Tel. 769).



## GARCIA (Naby RIVERSDAL) 63

EEN piekniekplek bestaan op Bosbouterrein in die Garcia-gebied, geskik vir sowat 30 tot 50 mense. Water kan uit die rivier verkry word, maar daar bestaan nie sanitêre geriewe nie. Die plek word skoongemaak en vuurmaakplekke sal aangebou word.

Kampeer word nie toegelaat nie.

**Beheer :** Die Departement van Bosbou.

**Navrae :** Die Staatsbosbouer, Posbus 87, Riversdal.

---

## KLEIN BRAKRIVIER-NATUURTUIN 64

DIE Afdelingsraad van Mosselbaai het onlangs begin met die ontwikkeling van 'n Natuurtuin by Klein Brakrivier. Die reservaat beslaan 101 morg en 'n klein deeltjie daarvan sal gebruik word vir die aanplant van veldblomme en -struike. 'n Adviserende Raad om leiding met die ontwikkeling van die tuin te gee, is reeds saamgestel.

**Beheer :** Die Adviserende Raad vir die Klein Brakrivier-natuurtuin.

**Navrae :** Die Sekretaris, Afdelingsraad van Mosselbaai, Posbus 53, Mosselbaai. (Tel. 765).

## 65 SWELLENDAM EN OMGEWING

TWEE persele op grond wat deur die Departement van Bosbou beheer word, is beskikbaar vir piekniek maak in die Swellendam-gebied. Een is geleë in Hermitage-kloof onder inheemse bos. Water is beskikbaar maar daar is geen sanitêre geriewe nie en piekniekgroepe word slegs toegelaat as daar geen gevaar van bosbrande bestaan nie. Kampeer word nie toegelaat nie.

Die ander perseel is by Wamakersbosch. Toestande is soortgelyk aan dié by Hermitage-kloof; water is beskikbaar, maar geen sanitêre geriewe nie, en toegang is slegs moontlik as daar geen gevaar van bosbrande bestaan nie. Kampeer word nie toegelaat nie.

**Beheer :** Die Departement van Bosbou.

**Navrae :** Die Staatsbosbouer, Posbus 28, Swellendam. (Tel. Swellendam 76).




# NOORDWES-KAAPLAND

# 66 AKKERENDAM (Calvinia)

HIERDIE plaas, wat onlangs tot natuurreservaat geproklameer is, is deur die munisipaliteit van Calvinia aangekoop hoofsaaklik met die oog op waterbewaring. Die dam op die eiendom bevat grootbekbaars, en daar is na skatting sowat 50 vaalribbokke op die plaas. Grootse planne vir die toekoms sluit in die vestiging van springbokke, blesbokke en ander wild eie aan die omgewing, en die aanplant van groot lappe blomme wat tipies is van die Noordweste. 'n Karavaanpark word ook beoog — maar dit is alles nog toekomsplanne.

**Navrae** : Die Stadsklerk, Posbus 28, Calvinia. (Tel. 11).



## AUGHRABIES-WATERVAL

EEN van die vyf grootste watervalle van die wêreld, die Aughrabies-waterval in die Oranjerivier, sal na alle waarskynlikheid binnekort as 'n nasionale park onder beskerming van die Nasionale Parkeraad ontwikkel word. Op die oomblik bied die plek reeds aan die besoeker een van die besondere besienswaardighede van die wêreld.

Die waterval kom voor in die Oranjerivier, 79 myl ten weste van Upington en 24 myl ten weste van Kakamas. As die rivier afkom, stort 'n half miljoen kuseks oor 'n krans 620 voet hoog.

Die gebied kan enige tyd van die jaar besoek word, maar die tydperk van Mei tot Julie is verkieslik uit 'n klimaatsoogpunt.

'n Hotel by die waterval bied akkommodasie.



## 68 NASIONALE KALAHARI-GEMSBOKPARK

HIERDIE wildtuin is geleë in die verste noordwestelike hoek van die Republiek. Dit beslaan 1,120,000 morg,maar die Parkeraad het ook beheer oor 'n aangrensende terrein van vergelykbare grootte wat bekend is as die Betsjoeanalandpark.

Daar is twee ruskampe by die twee ingangshekke, naamlik Twee Rivieren en Mata-Mata, waar 42 persone in 'n gesinshut en in rondavels geherberg kan word. 'n Derde ruskamp sal eersdaags opgerig word op die oewer van die Nossobrivier.

Besoekers moet hul eie voedsel- en verversingsbehoeftes voorsien.

Sowat 175 myl pad is aangelê vir besoekers om diere, die yl woestynplantegroei en die landskap in die algemeen te besigtig. Motors kan net in die ruskampe en by een ander plek verlaat word.

Kleurskuifievertonings en interessante praatjies word naweeks-aande aangebied by die Twee Rivieren-kamp.


Die wildlewe sluit in gemsbokke, hartebeeste en springbokke asook roofdiere soos leeus, jakkalse en klein katsoorte soos die gouskat, tierkat en rooikat. Groepe hiënas swerf oor die duinlandskap en daar is ontelbare getalle voëls, insluitende die sekretarisvoël, die gompou, Namakwaduifies, lammergeyers, arende en aasvoëls. Die wildtuin is dwarsdeur die jaar vir besoekers oop, maar Desember en Januarie is uiters warm.

**Beheer :**

Die Raad van Kuratore vir Nasionale Parke.

**Navrae :**

Die Direkteur, Raad van Kuratore vir Nasional Parke, Posbus 787, Pretoria. (Tel. 3-5611).



# NATAL

## 69 GIANTS CASTLE WILDRESERVAAT

HIERDIE groot reservaat van 59,605 acres op hoogtes wat varieer tussen 5,000 en 10,800 voet is geleë op die grasplato's en in die diep valleie onderkant die rotsaansig van die Drakensberg, 43 myl van Estcourt vir besoekers uit die noorde en 40 myl van Mooirivier vir besoekers uit die suide. Talryke waterstrome vloei deur die menigte valleie en versnellings en watervalletjies dra by tot die skoonheid van die gebied. Die plantegroei sluit boomvarings, bergbamboes, bergsipres en proteas in met geelhoutbome in die laagtes, en groot gebiede berggrasveld met talryke aantreklike blomplante soos grondorgideë, lelies en lede van die iris-familie. Die wildlewe sluit verskillende soorte bokke in o.a. elande, vaalribbokke, rietbokke, rooiribbokke en oorbietjies asook swartwildebeeste, bosbokke, jakkalse, bobbejane en luiperds, terwyl die bergvoëllewe interessante soorte insluit soos groot swart springkaanvoëls, witkruisarende, breëkop-



arende, edelvalke, lammergeyers, bergkatlagters, Reuse-visvangers en Natalse suikervoëls. Forelle word aangetref in die Boesmansrivier en sy sytakke wat deur die reservaat vloei; 'n hengelpermit kan verkry word van die Kampsuperintendent.

Alle reise weg van die enkele hoofpad af moet te voet gedoen word. Gidse is wenslik vir uitgebreide reise.

Akkommodasie bestaan uit 'n pragtige ruskamp in 'n mooi omgewing; beddens, beddegoed, komberse, eetgerei ens. word voorsien maar besoekers moet hul eie kos bring.

**Beheer :** Raad vir die Bewaring van Natalse Parke, Wild en Vis.

**Navrae :** Die Kampsuperintendent, Giants Castle-wildreservaat, P.S. 755, Estcourt. (Tel. Giants Castle-oproepkantoor Nr. 2).

**Plekbesprekings :** Sien bladsy 94 vir besonderhede.

---

## HIMEVILLE-NATUURRESERVAAT — 70

OP die Himeville-dorpsmeent 84 myl van Pietermaritzburg af word hierdie klein reservaat van 120 acres in 'n dig begroeide grasvallei aangetref. Twee damme vir forelvangs is gemaak, en die mere lok verskillende soorte watervoëls aan. Forelvangs in die damme is 'n seisoensport en daaglikse hengelpermitte is nodig benewens 'n Provinsiale lisensie.

Geen akkommodasiegeriewe word verskaf nie : 'n hotel in Himeville bied huisvesting in hierdie gebied.

**Beheer :** Raad vir die Bewaring van Natalse Parke, Wild en Vis.

**Navrae :** Die Teeltstasie-opsigter, Underbergteeltstasie, Pk. Underberg, of Die Vissery-inspekteur, Himevillenatuurreservaat, Pk. Himeville.

## 71 KAMBERG-NATUURRESERVAAT

DIE Kamberg-natuurreservaat kan beskou word as 'n hengel-paradys tydens die hengelseisoen, 'n interessante gebied vir landskapfotografie en 'n uitstekende terrein vir natuurstudie. Dit lê in die voetheuwels van die Drakensberg, 25 myl van Rosetta af, en dit beslaan 'n oppervlakte van 5,515 acres. Die Mooirivier vloei daardeur en daar is 'n rivierfront van sowat 8 myl waar bruin forelle gevang kan word. (Hengelaars het 'n Provinsiale lisensie tesame met daaglikse hengelpermitte nodig; lg. kan verkry word van die Kampsuperintendent.) Die plantegroei bestaan hoofsaaklik uit dig begroeide grashellings en die wildlewe sluit rietbokke, rooiribbokke, vaalribbokke, elande, duikers en oorbietjies in. Die rotshange bevat 'n aantal interessante rotstekeninge.

'n Pragtige ruskamp met 'n gemeenskaplike sitkamer, waskamers en kombuis is beskikbaar; behoeftes soos beddegoed, messeware ens. word voorsien, maar gaste moet al hul voedsel saambring.

**Beheer:** Die Raad vir die Bewaring van Natalse Parke, Wild en Vis.

**Navrae:** Die Kampsuperintendent, Kamberg-natuurreservaat, Pk. Rosetta, Natal. (Tel. Rosetta 1331).

**Plekbesprekings:** Sien bladsy 94 vir besonderhede.



## COLEFORD-NATUURRESERVAAT **72**

HIERDIE reservaat van 3,154 acres grasland by die samevloeiing van die Ingwangwana- en die Ndowanarivier en vlak teenaan die grens tussen Natal en Kaapland, is hoofsaaklik as openbare ontspanningsoord ontwikkel. Dit is van besondere belang vir forelhengelaars. Die reservaat is 21 myl van Underberg langs die pad van Bulwer na Zwartberg.

'n Enkele ruskamp met ses vierkantige hutte en 5 addisionele kamers bied akkommodasiegeriewe. Daar is 'n gemeenskaplike sitkamer, 'n kombuis en waskamers met warm en koue water en alle noodsaaklikhede soos beddegoed, messeware ens. word voorsien maar besoekers moet hul eie voedsel saambring.

**Beheer :** Raad vir die Bewaring van Natalse Parke, Wild en Vis.

**Navrae :** Die Kampsuperintendent, Coleford-natuurreservaat, Pk. Coleford. (Tel. Coleford 340).

**Plekbesprekings :** Sien bladsy 94 vir besonderhede.



## 73 LOTENI-NATUURRESERVAAT

IN 'n breë en dikwels diep vallei in die ravyngebied van die Drakensberg-voetheuwels en in twee verdeel deur die Loteni-rivier, is die Loteni-natuurreservaat wat sowat 49 myl van Nottingham-weg af geleë is langs die pad tussen Nottingham-weg en Himeville. Die reservaat, wat dig onder gras bedek is, beslaan 'n gebied van 5,300 acres en hoewel die plantegroei daarvan nie besonder opmerklik is nie, bevat dit 'n interessante wildlewe, insluitende rietbokke, rooiribbokke, vaalribbokke, elande, duikers, oorbietjies en bosbokke. Die voëllewe is soortgelyk aan dié wat voorkom in die Giants Castle-natuuurreservaat en in die Koninklike Natalse Nasionale Park. Daar is uitstekende geleenthede vir fotograwe en forelle kan gevang word.

Akkommodasie bestaan uit twaalf hutte, 'n gemeenskaplike sitkamer, twee stelle waskamers en 'n kombuis. Beddegoed, eetgerei ens. word voorsien, maar besoekers moet hul eie kos saambring.

**Beheer :** Raad vir die Bewaring van Natalse Parke, Wild en Vis.

**Navrae :** Die Kampsuperintendent, Loteni-natuurreservaat, Posbus 14, Himeville. (Tel. Himeville 1521).

**Plekbesprekings :** Sien bladsy 94 vir besonderhede.




## KRANTZKLOOF-NATUURRESERVAAT **74**

SLEGS 15 myl van Durban en sowat 3 myl van die middelpunt van Kloof word die Krantzkloof-natuurreservaat aangetref in 'n dig beboste kloof waardeur die Emolweni-rivier vloei. Dit bied baie mooi natuurskoon en 'n piekniekplek is hoogs gewild by dagbesoekers. Bosvarke, rietbokke, bosbokke, bloubokkies en duikers word aangetref in hierdie reservaat wat 'n oppervlakte van 1,106 acres beslaan.

Kampering word nie toegelaat nie en geen geriewe word voorsien nie, maar dagbesoek word toegelaat.

**Beheer :** Raad vir die Bewaring van Natalse Parke, Wild en Vis.

**Navrae :** Die Hoof-veldwagter, Krantzkloof-natuurreservaat, Pk. Kloof, Natal.



## 75 KONINKLIKE NATALSE NASIONALE PARK EN RUGGED GLEN-NATUURRESERVAAT

HIERDIE beroemde park bied van Suid-Afrika se mooiste bergtonele, rotstekeninge in 'n redelike staat van behoud, en ideale omstandighede vir natuurstudie, afgesien van 'n interressante wildlewe, geleenthede vir forelvangs en die kanse op bergklim in die algemeen. Dit beslaan 'n oppervlakte van 20,000 acres teen hoogtes wat wissel van 4,700 tot 11,050 voet. Soogdiere sluit in swartwildebeeste, vaalribbokke, rooiribbokke, rietbokke, bosbokke, duikers, klipspringers, dassies en bobbejane, en die voëllewe, hoewel nie so uitgebrei as in laer liggende gebied nie, sluit interessante soorte in soos die sekretarisvoël, die witkruisarend, die withalskraai, jangroentjies, spekvreters en baie koesters en sangers.

In die reservaat kan slegs te voet of te perd gereis word, en gidse is wenslik vir lang reise.

Drie tipes akkommodasie is beskikbaar; oop kamppersele met 'n kombuis, waskamers en 'n sitkamer; die Tendele-ruskamp waar alle noodsaaklikhede uitgesonderd voedsel (wat besoekers self moet saambring) beskikbaar is, en 'n moderne, ten volle gelisensieërde hotel.

**Beheer :** Raad vir die Bewaring van Natalse Parke, Wild en Vis.

**Navrae :** Vir die oop kampperseel : Die Veldwagter, Koninklike Natalse Nasionale Park, Pk. Mont-aux-Sources. (Tel. Mont-aux-Sources Nr. 3).

Vir die ruskamp : Die Kampsuperintendent, Koninklike Natalse Nasionale Park, Pk. Mont-aux-Sources. (Tel. Mont-aux-Sources Nr. 8).

Vir die hotel : Die Huurder, Royal Natal National Park-hotel, Pk. Mont-aux-Sources. (Tel. Mont-aux-Sources Nr. 1).

**Plekbesprekings :** Sien bladsy 94 vir besonderhede.

## ORIBI GORGE-NATUURRESERVAAT 76

SOWAT 13 myl van Port Shepstone en 80 myl besuide Durban word die Oribi Gorge-natuurreservaat aangetref wat beroemd is vir sy magnifieke natuurskoon. Die Umzimkulwana-rivier sny diep deur hierdie reservaat van 4,406 acres. Langs die oewers kom bosse voor wat baie interessante bome bevat, insluitende die **Miletia caffra** (Umzimbiti) en ander harde- en sagtehoutbome. Die wildlewe bestaan uit luiperds, bosbokke, bloubokkies, duikers en oorbietjies.

'n Ruskamp bied akkommodasie, volledig met kombuis en waskamer-geboue en 'n gemeenskaplike sitkamer. Beddegoed, messeware ens. word voorsien, maar besoekers moet al hul voedselware saambring.

**Beheer :** Die Raad vir die Bewaring van Natalse Parke, Wild en Vis.

**Navrae :** Die Hoof-veldwagter, Oribi Gorge-natuurreservaat, Poskantoor Plains, Natal. (Tel. Paddock 2620).

**Plekbesprekings :** Sien bladsy 94 vir besonderhede.



## 77 SHONGWENI-WATERWERKE (Durban)

DIE bewaringswerke van die Shongweni-waterskema is sowat dertig jaar gelede deur die Durbanse stadsraad as natuurreservaat opsy gesit. Dit is nou 'n gewilde oord vir voëlwaarnemers en dit is 'n baie populêre piekniekoord weens die geaardheid van sy tropiese plantegroei. Inheemse bome en struike van baie variëteite wat vinnig besig is om elders in Natal te verdwyn, kan hier gesien word. Dit is geleë in 'n gebied wat byna volkome omring word deur Bantoe-gebied, en kampeerdery word dus nie toegelaat nie. Ook word swem ontmoedig weens die moontlikheid van bilharzia-besmetting. Die aard van die bewarings-werke en die feit dat dit 'n geproklameerde natuur-reservaat is, maak dat bote nie gebruik kan word nie. Daar is nie kafeegeriewe nie. Die reservaat kan altyd tussen sonop en sononder besoek word.

Die pad na die reservaat draai na die suide toe uit die Nuwe Nasionale Pad, onmiddellik nadat 'n mens die brug oor die Umhlatuzana-rivier oorgegaan het op pad van Durban af.



**Beheer :**
Die Stadsraad van Durban.

**Navrae :**
Die Stadsklerk,
Posbus 1014, Durban.

## TAFELBERG-WATERWERKE (Durban) 78

HIERDIE mooi ontspanningsoord is sowat 50 myl van Durban geleë en dit word bereik langs 'n teerpad van 13 myl wat uit die Ou Hoofpad afdraai by Harrison (naby Cato Ridge). Die pad gaan deur Bantoegebied in die bekende Vallei van Duisend Heuwels. Die Nagle-damgebied met sy unieke fasiliteite vir die aflei van vloedwater bied piekniek- en hengelgeleentheid in 'n baie pragtige omgewing. Die dam het baie swartbaars en Tilapia wat daarin gesit is uit 'n visteeltstasie op die eiendom, terwyl daar volop inheemse vis is. Daar is geen hengelbeperkings nie mits die hengelaar 'n geldige Provinsiale Lisensie besit om in varswaterriviere te hengel en hy voldoen aan die vereistes van die Inwonende Vissery-beampte van die Raad vir die Bewaring van Parke, Wild en Vis. Omdat die oord in 'n Bantoegebied geleë is, word kampering nie toegelaat nie. Swem word ontmoedig weens die gevaar van bilharzia, en bote word nie toegelaat nie. Kafeegeriewe word deur private onderneming voorsien. Die oord kan op enige dag tussen sonop en sononder besoek word.

**Beheer :** Die Stadsraad van Durban.

**Navrae :** Die Stadsklerk, Posbus 1014, Durban.

## 79 UMLAAS-VARSWATERDAM, Durban

HIERDIE oord, wat besit word deur die Durbanse stadsraad, lê tussen die nuwe Chatsworth-behuisingskema vir Indiërs en die Umlazi-bantoegebied. Dit sluit 'n dam in 'n pragtige omgewing in wat 'n klein maar ware beeld bied van wat die oorspronklike blanke nedersetters van die kusgebied van Natal gesien het toe hulle daar aangeland het. Aan die begin van die eeu was dit 'n gewilde piekniekoord wat met kar en perd bereik kon word. Aangesien dit sowat twaalf myl van die sentrum van Durban is, kan dit nou per motor bereik word oor 'n grondpad vanaf die hoofpad deur die Chatsworth-behuisingskema vir Indiërs, of van Cavendish of Yellowwood-park. Dit is 'n pragtige piekniekoord van beperkte omvang wat gewild word onder die Indiërgemeenskap, maar dit is nie geskik vir kampering, bootsport of hengel nie. Daar is geen teekamergeriewe nie.

**Beheer :** Die Durbanse Stadsraad.

**Navrae :** Die Stadsklerk, Posbus 1014, Durban.



# ZOELOELAND EN NOORD NATAL

## 80 DHLINZA-BOSRESERVAAT

HIERDIE bosreservaat wat in die dorpsmeent van Eshowe geleë is (88 myl van Durban) gee aan Eshowe die unieke kenmerk dat dit 462 acres digte klimakswoud het wat onmiddellik aan 'n beboude gebied grens. Die oorheersende bome is baie groot (party bereik hoogtes van 80 voet) en hul takke bevat varings, orgideë ens. Die bome sluit in geelhoutbome, vaderlandswilgers, rooi-essehout, kafferpruim, vye en andere. Die wildlewe bestaan uit enkele boksoorte, blou-apies en 'n interessante voëllewe. Die inseklewe van die klein reservaat is van groot belang.

Geen akkommodasiegeriewe word voorsien nie, maar die dorp Eshowe het etlike hotelle.

Die bos bevat 'n natuurlike amfiteater onder die bome bekend as die Biskop se Sitplek, waar Kersfees-opvoerings soms gehou word.


Besoekers kan deur die reservaat loop of ry op die geringe aantal paaie.

**Beheer :**

Die Raad vir die Bewaring van Natalse Parke, Wild en Vis.

**Navrae :**

Die Hoof-veldwagter, Umlalazi - natuurreservaat, Pk. Mtunzini, Zoeloeland. (Tel. Mtunzini 34).



## ENSELENI-NATUURRESERVAAT 81

HIERDIE klein reservaat van 725 acres wat van suiwer botaniese belang is, lê 9 myl ten ooste van Empangeni langs die pad na Richardsbaai. Die omgewing is hoofsaaklik gewy aan suikerriet. Die digte plantegroei langs die rivieroewers bevat barringtonia- en vye-bome, terwyl papirus volop in die gebied is. Kusbosse kom langs die voedingstrome voor waar kafferpruime, platkopbome, krotonbome, kafferbome, essehoutbome en baie ander kusstrooksoorte algemeen is. Die wildlewe is skaars : duikers kan af en toe gesien word.

Geen akkommodasiegeriewe word verskaf nie : besoeke moet gereël word van Empageni of Richardsbaai af.

**Beheer :** Raad vir die Bewaring van Natalse Parke, Wild en Vis.

**Navrae :** Die Hoof-veldwagter, Richardsbaaipark, Pk. Richardsbaai, Zoeloeland. (Tel. Richardsbaai 5).



## 82 VALSBAAIPARK

VALSBAAIPARK bestaan uit 'n oppervlakte van 5,553 acres langs die westelike oewer van Valsbaai (deel van die St. Lucia-meerstelsel), sowat sewe myl van Hluhluwe-stasie. Bosplantegroei oorheers in die gebied. Belangwekkende bome is umvoti-bome (**Newtonia hildebrandtii**) wat 'n baie groot wattelagtige boom is, wit melkhoutbome, maroelabome en vaalbome. Die wildlewe bestaan hoofsaaklik uit seekoeie en verskeie boksoorte. Die ryk voëllewe is soortgelyk aan dié wat opgenoem is onder die St. Lucia-wildreservaat en -park.

Swem word nie toegelaat nie weens die aanwesigheid van krokodille.


Aluminiumskuite kan gehuur word, en boottoere word onderneem wanneer watertoestande dit toelaat.

Akkommodasie bestaan slegs uit oop kamppersele met aangelegde water en putlatrines.

**Beheer:** Raad vir die Beheer van Natalse Parke, Wild en Vis.

**Navrae:** Die Hoof-veldwagter, Valsbaaipark, Pk. Hluhluwe, Zoeloeland. (Tel. Hluhluwe-stasie 1411.)

**Plekbesprekings:** Sien bladsy 94 vir besonderhede.



## HLUHLUWE-WILDRESERVAAT 83

HIERDIE reservaat van 57,000 acres in die hartjie van Zoeloeland, 182 myl benoorde Durban, is geleë tussen hoogtes van 275 en 1,935 voet met 'n ruskamp op 1,500 voet bo seevlak. Die wildlewe sluit in wit en swart renosters, basterkoedoes, buffels, sebras, blouwildebeeste, koedoes, rooibokke, waterbokke, bosbokke, rietbokke, rooiribbokke, rooi, blou en vaal duikers, steenbokke, kameelperde, vlak- en bosvarke, luiperds en bobbejane; dit het 'n digte plantegroeibedekking wat wissel van boom- en struikveld tot oop grasvlakte met digte bos langs die rivieroewers en in die noordelike gebiede. Daar is ook 'n groot verskeidenheid aan voëls.


Die ruskamp wat bestaan uit hutte, rondawels, badkamergeboue, kombuise ens. asook beperkte akkommodasie vir kinderoppassers. Dit is elektries verlig en noodsaaklike behoeftes soos beddegoed en messeware word voorsien.

Die reservaat is dwarsdeur die jaar oop en daar kan per motor of te voet gereis word, maar besoekers moet in die somermaande reën verwag.

**Beheer:** Raad vir die Bewaring van Natalse Parke, Wild en Vis.

**Navrae:** Die Kamp-Superintendent, Hluhluwe - wildreservaat, Posbus 25, Mtubatuba, Zoeloeland. (Tel. Hluhluwe-reservaat Nr. 4)

**Besprekings:**
Sien bladsy 94 vir besonderhede.



## 84 MKUZI-WILDRESERVAAT

HIERDIE reservaat verteenwoordig die suidelike perke van baie plantegroeisoorte soos die mingerhout en die Suid-Afrikaanse mosterdboom. Die Wildevyeboom en koorsbome word verteenwoordig deur enkele pragtige voorbeelde. Dit bevat baie tipes bokke insluitende die seldsame Soenie, en 'n rykdom aan watervoëls is met sekere seisoene te sien op die Nsumu-meer terwyl ander opmerklike voëlsoorte die volgende insluit: die witrug-aasvoël, die kuifkop-tarentaal, die Natalse fisant, die rooipoot-elsie, die groenvlekduifie, die swart koekoek, die rooikeel-by-vreter, die groot heuningwyser en die pers spreeu. Krokodille is volop in die riviere, mere en damme.

Die reservaat wat 'n oppervlakte van 62,000 acres beslaan, lê in Noord-Zoeloeland en dit is sowat 250 myl van Durban af. Daar is tans slegs drie hutte en hoewel water aangelê is, word niks anders aangebied behalwe beddens en matrasse nie. Die reservaat is dwarsdeur die jaar oop en rondreis te voet of in private motors kan alleen onderneem word onder geleide van 'n Naturelle-wildwag.

**Beheer:** Die Raad vir die Bewaring van Natalse Parke, Wild en Vis.

**Navrae:** Die Hoof-wildwag, Mkuzi-wildreservaat, Pk. Mkuze, Zoeloeland.

**Plekbesprekings:** Sien bladsy 94 vir besonderhede.



## KOSIBAAI-NATUURRESERVAAT **85**

VLAK teenaan die Kosibaai-meerstelsel lê hierdie natuurreservaat van sowat 50 acres in oop graslandskap; dit bied baie interessante variëteite van watervoëllewe, insluitende meeue, seeswawels en waadvoëls. Die groot Visuil kom ook in die omgewing voor. Daar is weinig wildlewe in die klein reservaat, maar seekoeie kom voor in die aangrensende Nhlange-meer.

Die reservaat, wat sowat 350 myl benoorde Durban lê, is goed bekend weens die interessante vislewe in die Kosibaai-meerstelsel wat deur buitengewoon helder water dopgehou kan word. Daar is slegs oop kamppersele; water is aangelê en eenvoudige latrine-fasiliteite word voorsien. Besoekers moet alle noodsaaklike toerusting en voedselware saambring, insluitende petrol en olie; laasgenoemde moet ingeneem word by Ingwavuma of Ubombo, na gelang van die roete wat gevolg word.

**Beheer :** Raad vir die Bewaring van Natalse Parke, Wild en Vis.

**Navrae :**
Die Sekretaris, Raad vir die Bewaring van Natalse Parke, Wild en Vis, Posbus 662, Pietermaritzburg, Natal




**Besprekings :**
Sien bladsy 94 vir besonderhede.

## 86 NDUMU-WILDRESERVAAT

HIERDIE afgeleë reservaat — 331 myl benoorde Durban, ten ooste van Swaziland en in die noordelike uiteinde van Zoeloeland — bied 'n ryk plant- en dierelewe en 'n unieke voëllewe weens die baie tropiese Oos-Afrikaanse voëls wat hier in die suidelike grensgebied van hul habitat aangetref word. Die reservaat beslaan 25,000 acres laag liggende gebied wat deur baie mere onderbreek is. 'n Uiters digte struikbos bedek die meeste droë laagliggende gebiede; riete omsoom die mere en daar is hoë bome en galerybos langs die rivieroewers. Etlike soorte bokke word aangetref asook seekoeie; die groot krokodilbevolking is 'n besondere kenmerk van hierdie reservaat. Afgesien van die tropiese voëls is daar ook 'n rykdom aan watervoëls op die baie mere. Staptoere en besoeke aan die mere kan gereël word.

Daar is 'n ruskamp met aparte kombuis- en badkamergeboue. Die kamp is elektries verlig en noodsaaklikhede soos beddegoed, eetgerei ens. word voorsien, maar besoekers moet al hul voedsel saambring aangesien geen voedsel of kruideniersware in die reservaat gekoop kan word nie. Die reservaat is dwarsdeur die



jaar oop, maar aangesien dit warm is, is voorsorg teen malaria in die somer- en herfsmaande noodsaaklik.

**Beheer :** Die Raad vir die Bewaring van Natalse Parke, Wild en Vis.

**Navrae :** Die Hoof-veldwag, Ndumu-wildreservaat, Pk. Ndumu, oor Mkuze, Zoeloeland.

**Plekbesprekings :** Sien bladsy 94 vir besonderhede.

---

## RICHARDSBAAI-WILDRESERVAAT EN -PARK 87

DIE wildreservaat in hierdie gebied bestaan uit die watergebied waar seekoeie en krokodille af en toe gesien kan word afgesien van 'n baie interessante voëllewe met 'n groot verskeidenheid. Die park bestaan uit sowat 975 acres grond wat grens aan die Umhlatuzi-lagune. Die plantegroei is tipies van die kusstrook; mangroves is goed ontwikkel in die lagunegebied.

Die lagune self is goed bekend as hengeloord : die Natalse Parkeraad het masjinerie vir die verkryging van aas, en 'n groot verskeidenheid aassoorte kan deur hengelaars gekoop word.

Slegs oop kamppersele word verskaf, met aangelegde water en waterriole. Besoekers moet hul eie kos en kampeertoerusting saambring aangesien geen voorrade by die kampeerplekke beskikbaar is nie. Dit kan egter aangekoop word by die naby geleë Richardsbaai-dorpsgebied.

**Beheer :** Raad vir die Bewaring van Natalse Parke, Wild en Vis.

**Navrae :** Die Hoof-veldwagter, Richardsbaaipark, Pk. Richardsbaai, Zoeloeland. (Tel. Richardsbaai 5).

**Plekbesprekings :** Sien bladsy 94 vir besonderhede.

## 88 ST. LUCIA-WILDRESERVAAT EN -PARK

DIE meer van 45 myl in lengte en die omliggende grond maak inderdaad twee geproklameerde reservate uit : die eerste is die St. Lucia-wildreservaat wat al die water in die meer insluit asook enkele eilande (altesame 91,090 acres) en die tweede is die St. Lucia-park wat die grond rondom die meer tot 'n diepte van 'n halfmyl beslaan (31,000 acres). Digte moeras-woud kom in dele voor, en die plantegroei is oor die algemeen tipies van die kusstrook. Die gebied is in die eerste instansie 'n seekoeireservaat maar etlike boksoorte word aangetref, insluitende die skaars Soenie. Krokodille is besonder talryk by die mondings van die riviere wat die meerstelsel voed. Die voëllewe is buitengewoon ryk, en noemenswaardige soorte sluit in pelikane, reuse-reiers, saalbek-ooievaars, lepelaars, Natalse korhane, langtone, reuse-seeswawels, groen vleiloeries, bont-elsies, Knysna-loeries en rooskeel-kalkoentjies.

Daar is drie kampeergebiede en twee ruskampe in die Wildreservaat en Park, naamlik :—

**St. Lucia Estuary** (18 myl ten ooste van Mtubatuba) : Slegs oop kamppersele, en besoekers moet alle toe-rusting en kos saambring. Navrae : Hoof-veldwagter, Pk. St. Lucia Estuary, Zoeloeland. (Tel. St. Lucia 20).

**Charters Creek** (8 myl van Nyalazirivier-halte) : Rus-kamp met rondawels, ook 'n kombuis en waskamers; benodighede soos beddegoed en eetgerei word voor-sien maar besoekers moet alle kosvoorrade saambring. Daar is ook 'n oop kampeerterrein. Navrae : Kamp-superintendent, Charters Creek, Pk. Nyalazi-rivier, Zoeloeland. (Tel. Mtubatuba 1102).

**Fanies-eiland** (7 myl benoorde Charters Creek) : Rus-kamp met dieselfde geriewe as dié by Charters Creek, insluitende oop kampperseel. Navrae : Kampsuperin-

tendent, Fanies-eiland, Pk. Nyalazi-rivier, Zoeloeland. (Tel. Mtubatuba 1103).

Begeleide veldwandelinge word elke veertien dae gereël vanaf die Charters Creek-kamp. Persone word per boot vyftien myl ver in die meer op vervoer en daarna word sowat 10 myl per dag te voet tussen nagrusplekke afgelê; alles sluit sowat 30 myl stap in. Besonderhede hieroor kan verkry word van die Meerwagter, Navorsing-sentrum, Pk. Nyalazi-rivier, Zoeloeland.

## NASIONALE SORDWANABAAI-PARK 89

HIERDIE park wat 320 myl benoorde Durban lê en 'n oppervlakte van sowat 1,020 acres beslaan, is hoofsaaklik 'n nou kusstrook van duineplantegroei. Die getymoeras in die noorde het 'n interessante groep mangrove-bome, insluitende die „swart" mangrove **(Bruguiere gymhorhiza)**. Ander plante sluit in die vaderlandswilger, die platkopboom, die kafferboom, die witpeer en die Kaapse kanferfoelie. Die wildlewe sluit in soenies, rooi en grys duikers, steenbokkies, rietbokke en bosvarke. Daar is 'n ryk voëllewe.

Oop kamppersele word voorsien tesame met putlatrines. Besoekers moet alle nodige toerusting en voedselware saambring asook ekstra petrol en olie aangesien die naaste voorrade van laasgenoemde op Ubombo, 56 myl ver, verkry moet word.

**Beheer :**


Die Raad vir die Bewaring van Natalse Parke, Wild en Vis.

**Navrae :**

Die Hoof-veldwag, Mkuzi-wildreservaat, Pk. Mkuze, Zoeloeland.

**Besprekings :**

Sien bladsy 94 vir besonderhede.



## 90 UMLALAZI-NATUURRESERVAAT

HIERDIE lang, smal reservaat van hoofsaaklik plantkundige belang lê een myl ten ooste van Mtunzini, wat 80 myl van Durban af geleë is langs die noordkuspad. Dit strek na die binneland sodat dit die laagliggende gebied by die lagune insluit en dit bevat ook etlike interessante maar klein meertjies aan die suidelike uiteinde. Die totale oppervlakte van die reservaat is sowat 2,240 acres. 'n Goeie voorbeeld van duinwoud kan gesien word as 'n mens na die strand loop, terwyl riete, biesies en mangroves 'n deel van die lagune omsoom. Die groot bome sluit in rooi melkhoutbome, smoorvye, wit melkhoutbome, en **Euclea natalensis.** Enkele soogdiere kom voor, insluitende bosvarke, rietbokke, bosbokke, duikers en rooiduikers, terwyl die voëls volop is en tipies van die digte kusplantegroei wat nou so skaars begin word. Krokodille word ook aangetref.

Daar is slegs 'n baie beperkte aantal kampeerplekke, en geen ander geriewe word verskaf nie. Besoekers moet alle toerusting, kosvoorrade en algemene benodighede saambring.



**Beheer :**

Raad vir die Bewaring van Natalse Parke, Wild en Vis.

**Navrae :**

Die Hoof-veldwagter,
Umlalazi-natuurreservaat,
Pk. Mtunzini, Zoeloeland.
(Tel. Mtunzini 34).

**Besprekings :**

Sien bladsy 94 vir besonderhede.

## UMFOLOZI-WILDRESERVAAT

# 91

DIE Umfolozi-wildreservaat beslaan 72,000 acres grond tussen die Wit en Swart Umfolozi-riviere in Sentraal-Zoeloeland. Dit bestaan uit 'n wilde, natuurlike landskap met plantegroei wat wissel van die ruie bos langs rivieroewers tot die meer algemene oop en droër gemeenskappe wat aan die Wit-renoster 'n gesogte tuiste gee. Ander vorms van wildlewe stem ooreen met die wildlewe van die Hluhluwe-reservaat wat ten noordooste van die Umfolozi-reservaat geleë is. Daar is ook 'n interessante voëllewe en krokodille kom volop in alle riviere voor.

Akkommodasie is beskikbaar in 'n baie aangename en gerieflike ruskamp met ses hutte, elk met twee beddens, 'n kombuis en aparte badkamerblok. Die kamp is elektries verlig en noodsaaklike toerusting soos beddegoed, eetgerei, ens. is beskikbaar, maar besoekers moet al hul voedselvoorrade saambring.

Die reservaat is dwarsdeur die jaar oop. Interessante uitstappies in die reservaat langs veldpaadjies waar geen voertuie toegelaat word nie, word gereeld onderneem onder toesig van 'n blanke veldwagter; dit behels drie dae tyd en sowat 30 myl se stap.

**Beheer :** Die Raad vir die Bewaring van Natalse Parke, Wild en Vis.

**Navrae :** Die Kampsuperintendent, Umfolozi-wildreservaat, Posbus 99, Mtubatuba, Zoeloeland. (Tel. Umfolozi-reservaat).

**Plekbesprekings :** Sien bladsy 94 vir besonderhede.



# RAAD VIR DIE BEWARING VAN NATALSE PARKE, WILD EN VIS

## SENTRALE BESPREKINGSKANTOOR

Vroeër is alle plekbesprekings vir Zoeloelandse en Natalse hutkampe regstreeks by die betrokke Kamp-superintendente gedoen. Hierdie stelsel is nou verbeter deur die instelling van 'n sentrale besprekingskantoor by die Raad vir die bewaring van Natalse Parke, Wild en Vis se hoofkantoor in Koningin Elizabethpark, Pietermaritzburg, wat per radio met alle hutkampe in verbinding is. Hierdie sentrale besprekingskantoor sal alle besprekings behartig vir huisvesting in die Zoeloelandse en Natalse hutkampe.

Alle navrae moet gerig word aan :
Die Besprekingsbeampte,
Raad vir die Bewaring van Natalse Parke,
Wild en Vis,
Posbus 662,
PIETERMARITZBURG.

Telefoonnommer : 41441
Telegramadres : „Fauna"



# ORANJE VRYSTAAT

## BLOEMFONTEIN EN OMGEWING

DAAR bestaan vier plekke vir buitelug-ontspanning in die Bloemfonteinse gebied. Hulle is :

**Naval Hill :** Die Franklin-wildreservaat, binne die stadsgebied. Daar is elande, blesbokke, springbokke, steenbokke, duikers en sebras. Geen geriewe is beskikbaar nie, en toegang is gratis.

**Mazelspoort :** Kampeer- en woonwastandplase is beskikbaar, en warm en koue water word verskaf. Bootry is 'n gewilde sport. 'n Geringe toegangsgeld is betaalbaar.

**Loch Logan :** 'n Ontspanningsterrein en vleisbraaigeriewe word op die oomblik ontwikkel.

**Victoriapark-woonwapark :** Warm en koue water is beskikbaar in hierdie woonwapark, waarvoor staangeld betaalbaar is.

**Beheer :** Al bogenoemde plekke word beheer deur die Bloemfonteinse Stadsraad.

**Navrae :** Die Stadsklerk, Posbus 288, Bloemfontein.



# NASIONALE GOLDEN GATE-HOOGLANDPARK

**93**

HIERDIE park van 5,000 morg lê teenaan die noordoostelike Vrystaat. Dit verkeer slegs in die beginstadium van sy ontwikkeling, maar toekomstige planne sluit die oprigting in van 'n berghostel wat uiteindelik 200 gaste sal kan huisves, terwyl oorweging ook verleen word aan die moontlikheid van 'n hutkamp met rondawels verder op in die kloof.

Wandelpaadjies sal aangelê word, en die geriewe sal geskep word vir bergklim, perdry, ens., met die doel om die besoekers in noue aanraking met die natuur te bring.

**Beheer :** Raad van Kuratore vir Nasionale Parke.

**Navrae :** Die Direkteur, Raad van Kuratore vir Nasionale Parke, Posbus 787, Pretoria. (Tel. 3-5611).



## 94 WILLEM PRETORIUS-WILDRESERVAAT

'n GEBIED van 10,000 morg langs die oewers van die Allemanskraaldam, sowat 18 myl besuide Ventersburg en 20 myl benoorde Winburg in die Sentrale Vrystaat, is as wildreservaat opsy gesit, hoofsaaklik vir boksoorte. Die wildlewe sluit in blesbokke, springbokke, rooi hartbeeste, elande, rooibokke, ribbokke, duikers en steenbokke asook sebras en talryke voëlsoorte.

Akkommodasie bestaan uit veertig goed toegeruste rondawels. 'n Restaurant is beskikbaar waar maaltye geniet kan word. Die reservaat kan dwarsdeur die jaar besoek word.

**Beheer :** Die Vrystaatse Provinsiale Administrasie.

**Navrae :** Die Provinsiale Sekretaris, Posbus 517, Bloemfontein.



# TRANSKEI

# 95 NDULI-NATUURRESERVAAT

DIE Nduli-natuurreservaat is 'n gebied van 404 acres aan die westelike buitewyke van Umtata, hoofstad van die Transkei-gebied. Dit is in die eerste plaas daargestel vir die beskerming van die flora en fauna wat inheems in die gebied is. Die wildlewe sluit boksoorte in soos blesbokke, springbokke, rooibokke, vaalribbokke, rooiribbokke, bosbokke, duikers, steenbokkies en swart wildebeeste. Kleiner wildsoorte soos ystervarke, hase, muskejaatkatte, muishonde ens. kom ook voor. Daar is 'n verskeidenheid voëls, insluitende mahems, bloukraanvoëls, wilde-kalkoene, geelbek-eende, kolganse, wilde-makoue en baie van die kleiner voëlsoorte.

Die plantegroei is nie van spesiale belang nie, hoewel dit streng beskerm word. Die aalwyne is opmerklik, veral in die blomtyd.

Aangesien die reservaat vlak by die dorp is, bestaan daar geen geriewe vir piekniekmaak of kampering nie. Toegang tot die reservaat is gratis vanaf 6 vm. tot 6 nm. daagliks, en bepaalde geslote gebiede kan besoek word vir wetenskaplike of fotografiese doeleindes in oorleg met die Wildbeskermingsbeampte by die munisipale kantoor.



**Beheer :**
Die Stadsraad van Umtata.

**Navrae :**
Die Stadsklerk, Posbus 45, Umtata. (Tel. 43).

# KAROO

## 96 NASIONALE BERGKWAGGAPARK

HIERDIE park van sowat 5.6 vierkante myl lê aan die voet van die Kamberge sowat 17 myl ten noordweste van Cradock in die Karoo. Ses myl pad binne die park self is vir die gerief van besoekers gebou. Die park is in 1937 aangeskaf om die bykans uitgeroeide bergkwagga te red; te dien tyde het die park slegs ses kwaggas gehad, maar 'n daaropvolgende skenking het die getal op 17 te staan gebring. Die eerste vul is in 1953 gebore en op die oomblik is daar meer as twintig kwaggas in die park. Dit is die beleid om diere wat inheems aan die gebied is in die park te plaas en rooiribbokke, vaalribboke, klipspringers, steenbokke en duikers kan ook gesien word, afgesien van elande, swart wildebeeste, blesbokke en gemsbokke. Die oprigting van watergate in die park het gelei tot 'n toenemende voëllewe.

Daar kan by 'n spesiale plek piekniek gemaak word; water, skaduwee en ander geriewe is beskikbaar, en brandhout kan verkry word. Die park kan in normale dagligure besoek word; 8 vm. tot 6 nm. van 1 Oktober tot 30 April, en 9 vm. tot 5 nm. in die res van die jaar.

**Beheer :** Raad van Kuratore vir Nasionale Parke.

**Navrae :** Die Direkteur, Raad van Kuratore vir Nasionale Parke, Posbus 787, Pretoria. (Tel. 3-5611).



## VICTORIA-WES-NATUURRESERVAAT 97


HIERDIE natuurreservaat wat 'n oppervlakte van 450 morg beslaan, is in die aanvangstadium van ontwikkeling en dit is nog nie oop vir die publiek nie. Dit is in die eerste plaas bedoel om wild wat inheems aan hierdie gebied is te bewaar, en dit bevat reeds springbokke en steenbokke. Pogings word op die oomblik aangewend om die uiters skaars swart springbok daarop gevestig te kry, en sodra hierdie diere volkome tuis is, sal dit oopgestel word vir die publiek.

Die munisipale dam is op die reservaat geleë en 'n verskeidenheid voëls het reeds hul tuiste daar gemaak. Dit kan later in 'n toevlugsoord vir voëls ontwikkel.

Geen geriewe word tot dusver verskaf nie.

**Beheer :** Die Stadsraad van Victoria-Wes.

**Navrae :** Die Stadsklerk, Posbus 13, Victoria-Wes. (Tel. 26).



Gedruk deur The National Cash Register Co. S.A. (Pty.) Ltd.

**Collection Number: A1132**

**Collection Name: Patrick LEWIS Papers, 1949-1987**

***PUBLISHER:***

*Publisher:* **Historical Papers Research Archive, University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa**
*Location:* **Johannesburg**
**©2016**

***LEGAL NOTICES:***

Copyright Notice: All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

This collection forms part of a collection, held at the Historical Papers Research Archive, University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.